

HOOFSTUK 3

STEFANS GROVÉ: *DANSRAPSDIE – ’n AFRIKA-STAD*

3.1 Inleiding

Dansrapsodie – ’n Afrika-stad is in 1986 gekomponeer (Walton 2006b:99). In *A Composer in Africa: Essays on the Life and Work of Stefans Grové* lys Walton (2006b:99) al die instrumente wat in *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* gebruik word. Die skrywer wil egter die volgende toevoegings, wat foutiewelik weggelaat is, tot die lys maak: een altsaxofoon, marakkas en drie fagotte in plaas van een. Vir ’n volledige lys van instrumente, sien afdeling 3.5 Instrumentasie.

Grové gebruik Italiaanse musiekterme in hierdie werk. Ook die instrumentaanduidings is in Italiaans, behalwe in die geval van sommige perkussie-instrumente, waar die Engelse benaming gebruik word, soos byvoorbeeld “anvil” vir die aambeeld en “maracas” vir die marakkas.

Daar is foutiewe maatnommers op die manuskrip. Tot en met maat 89 is die maatnommers korrek, maar dan word maat 90 verkeerdelik (deur Grové) as maat 95 genommer. Vervolgens is die maatnommers tot aan die einde van die werk foutief. Die skrywer ontleed *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* egter volgens korrekte maatnommers.

In die volgende afdeling sal die strukturele elemente van Afrika-etniese musiek wat in *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* voorkom, bespreek word.

3.2 Struktuur

In *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* is daar veral twee aspekte ten opsigte van die struktuur wat met dié van Afrika-etniese musiek ooreenstem:

Eerstens is daar die beginsel van roep en antwoord (“call and response”). Volgens Pelser (1995:13) is die aanbieding van ingewikkelde materiaal in ’n basiese dualistiese struktuur een van die belangrikste faktore in inheemse Afrika-musiek. Wisselwerking kan onder andere tussen ’n solosanger en koor, twee groepe, twee individue, of solis en instrumentale ensemble geskied. Selfs wanneer geen sangers betrokke is nie, maak die roep-en-antwoord-beginsel se geselstrant steeds ’n belangrike deel van die ingewikkelde ritmiese strukture uit.

Verder is etlike gewysigde herhalings van ’n melodie (’n tegniek bekend as permutasie) kenmerkend van Afrika-etniese musiek. Hierdie wysigings word geïmproviseer. Volgens Stefans Grové is die modelle van herhaalmotiewe tipies van die ongesofistikeerde volksmusiek van Afrika (Struck 1989:7). Die herhaalaspek van Afrika-musiek veroorsaak dat dit dikwels as primitief geklassifiseer word. Herhaling is egter noodsaaklik om te verseker dat al die verskillende ritmiese patrone afsonderlik duidelik word, dat al die betrokke partye gehoor en onderskei kan word en dat die verhouding tussen die partye waargeneem kan word (Ferreira 1995:23).

Hoewel *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* ’n deurgekomponeerde werk is, kan dit na aanleiding van tempo-veranderinge in vyf duidelike seksies onderverdeel word. Hierdie tempo-veranderinge (wat deur ’n nuwe metronoomaanduiding beklemtoon word) wysig elke keer die karakter van die musiek. Die volgende tabel illustreer hoe *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* in vyf seksies verdeel word.

Seksie	Tempo-aanduiding	Maat
A Seksie 1	<i>Desolato e misterioso</i>	1-28
B Seksie 2	<i>Vivace</i>	29-166
C Seksie 3	<i>Molto energico</i>	167-186
C ₂ Seksie 4	<i>Con moto</i>	187-197
A ₂ Seksie 5	<i>Tempo 1</i>	198-205

Tabel 3.1: *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* se vyf seksies

Soos wat in tabel 3.1 waargeneem kan word, is Seksie 2 die langste seksie in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en die skrywer beskou dit as die werk se hoofgedeelte. Seksies 1 en 5 kan onderskeidelik as die inleiding en koda beskou word, terwyl Seksies 3 en 4 'n kort gedeelte bewerkstellig wat sterk met Seksie 2 kontrasteer. Daar kom terugkerende materiaal in die laaste twee seksies voor wat 'n samebindende element bewerkstellig, wat weer 'n gevoel van groter eenheid tot gevolg het. Vervolgens sal elk van die vyf seksies afsonderlik bespreek word, met die fokus op Afrika-etniese elemente in die musiek se struktuur.

A: Seksie 1 (*Desolato e misterioso*)

Dit is opvallend dat daar geen Afrika-etniese elemente wat betref die struktuur van die musiek in die openingsgedeelte van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* voorkom nie. 'n Moontlike rede is dat hierdie seksie slegs as inleiding dien (soos in die vorige paragraaf bespreek).

B: Seksie 2 (*Vivace*)

Albei die Afrika-etniese elemente wat aan die begin van afdeling 3.2 Struktuur bespreek is (roep en antwoord; permutasie), kom in die *Vivace*-seksie voor.

Die dualistiese struktuur van die roep-en-antwoord-beginsel begin in maat 77 (sien voorbeeld 3.1). Die daaropvolgende mate stel wisselwerking tussen twee groepe, in plaas van wisselwerking tussen 'n solis en 'n groep, voor.



Voorbeeld 3.1: Roep-en-antwoord-beginsel, maat 77-80

Handwritten musical score for a call-and-response exercise, measures 77-80. The score includes staves for Piccolo, Flute, Clarinet, Bassoon, Cor, Trumpet, Trombone, Arpa, Viola, Violoncello, and Contrabasso. The "roep" section (measures 77-79) is marked with dynamics like *f* and *p*, and the "antwoord" section (measure 80) is marked with *f*. Handwritten annotations include measure numbers 4, 6, and 5, and dynamic markings like *p*, *mf*, and *f*. A boxed number 77 is at the bottom left.

Hierdie roep-en-antwoord-idee verskyn deurlopend in die *Vivace*-seksie.

Die gewysigde herhalings van 'n melodie staan as permutasie bekend. Grové gebruik in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* drie opvallende tegnieke om die melodielyn gevarieerd te herhaal, naamlik: 'n lang nootwaarde word in kleiner nootwaardes verdeel (dieselfde toonhoogte); 'n gepunteerde kwartnoot word in drie agstenote verdeel (verskillende toonhoogtes); of die melodie word getransponeer.

'n Voorbeeld van die permutasie-tegniek kom vanaf maat 129 voor. Die oorspronklike melodie (wat later met wysigings herhaal word) begin in die piccolo in maat 129-133:

Voorbeeld 3.2: Oorspronklike melodie voor permutasies, maat 129-133



The image displays two staves of musical notation. The first staff, labeled 'Picc.', shows a melodic phrase starting with a mezzo-forte (mf) dynamic. The second staff, also labeled 'Picc.', shows a variation of the same phrase, marked with a sharp sign (#) to indicate a transposition. Both staves are numbered with their respective measure numbers, 129 and 132, in small boxes below them.

Ná die eerste verskyning is daar drie gewysigde herhalings van die melodie in bogenoemde voorbeeld – die eerste maal in maat 135-139 (piccolo, fluit, klarinet en fagot). Hierdie herhaling stem baie met die oorspronklike melodie ooreen. Klein wysigings is aanwesig, insluitend 'n lang nootwaarde wat in kleiner nootwaardes op dieselfde toonhoogte verdeel word (maat 135). Sien voorbeeld 3.3:

Voorbeeld 3.3: Eerste permutasie van oorspronklike melodie (voorbeeld 3.2), maat 135-139




Al drie permutasietegnieke wat Grové in hierdie werk gebruik, tree weer in wanneer die volgende permutasie van die oorspronklike melodie in maat 146 in die piccolo en fagot verskyn: die lang nootwaardes word in kleiner nootwaardes op dieselfde toonhoogte verdeel; gepunteerde kwartnote word in drie agstenote op verskillende toonhoogtes verdeel (maat 147, 149, 150); en die melodie word getransponeer.

Die basiese ritme en intervale stem egter nog met dié van die oorspronklike melodie ooreen, soos in voorbeeld 3.4 waargeneem kan word.

Voorbeeld 3.4: Tweede permutasie van oorspronklike melodie (voorbeeld 3.2), maat 146-150




Die derde herhaling kom in die piccolo, fluit, hobo en klarinet voor en is slegs 'n gedeeltelike herhaling: net die eerste twee mate van die oorspronklike melodie word gebruik en dit is, soos die vorige voorbeeld, 'n vyfde hoër getransponeer. In maat 161 word die laaste maatslag (oorspronklik 'n gepunteerde kwartnoot) in drie agstenote met verskillende toonhoogtes verdeel, soos wat in voorbeeld 3.5 waargeneem kan word.

Voorbeeld 3.5: Derde permutasie van oorspronklike melodie (voorbeeld 3.2), maat 158-161



C: Seksie 3 (*Molto energico*)

'n Afrika-etniese element ten opsigte van die struktuur wat in die *Molto energico*-seksie voorkom, is die roep-en-antwoord-idee. Dit kom twee maal in hierdie seksie voor, die eerste maal in maat 167-170 (sien voorbeeld 3.6 ter illustrasie). In maat 167-170 word die roep-gedeelte deur die strykers gespeel (eerste viool wat verdeel, tweede viool, altviool en tjello) en dit is hoofsaaklik blaasinstrumente, naamlik die eerste en tweede fluit en die hobo, wat die antwoord-gedeelte speel.

Voorbeeld 3.6: Roep-en-antwoord-beginsel, maat 167-169

Molto energico $\text{♩} = 116$

"antwoord"

Fl.

Ob.

Fag.

Contra fag.

Glock ensp.

Molto energico $\text{♩} = 116$

"roep"

non leg. Fan

non leg. Fan

non leg. Fan

non leg.

non leg. (div)

(div)

(pizz)

3/4 5/4 3/4

3/4 3/4

VI. I

VI. II

Va.

Vc.

Cb.

167

Die tweede toepassing van die roep-en-antwoord-beginsel verskyn in maat 179-181 en kan in voorbeeld 3.7 waargeneem word. Weereens word die roep-en-antwoord-idee tussen die blasers en strykers verdeel, maar, in teenstelling met die vorige voorbeeld (3.6), word die roep-gedeelte nou deur blaasinstrumente gestel: fagot, kontrafagot, vierstemmige Franse horings en driestemmige skuiftrumpette. Die

strykers speel die antwoord-gedeelte: eerste viool wat verdeel, tweede viool, altviool, tjello en kontrabas. Dit is die enigste keer in Seksie 3 en 4 dat die roep-en-antwoord-idee só om intree (blasers “roep” en strykers “antwoord”).

Voorbeeld 3.7: Roep-en-antwoord-beginsel, maat 179-181

Handwritten musical score for measures 179-181. The score is divided into two sections: "roep" (call) and "antwoord" (answer). The "roep" section (measures 179-180) features woodwinds (Fag., Cont. fag.) and brass (Cor., Trbn, Timp.) playing. The "antwoord" section (measures 180-181) features strings (VI. I, VI. II, Va., Vc., Cb.) playing. The score includes dynamic markings like *f* and *ff*, and performance instructions like *arco* and *div*. A 5/4 time signature is indicated in the middle of the score.

179

C₂: Seksie 4 (*Con moto*)

Die *Con moto*-seksie is in sy geheel op die roep-en-antwoord-idee gebaseer. In maat 187 begin die strykersafdeling met die roep-gedeelte en die houtblaasafdeling reageer met die antwoord-gedeelte (soos in voorbeeld 3.8 aangedui). Dit word deur die hele seksie só volgehou. Die eerste viole wat verdeel, tweede viool, altviool en tjello is die strykinstrumente wat die roep-gedeelte speel. In maat 187-189 wat in voorbeeld 3.8 verskyn is dit die piccolo, eerste en tweede fluit, fagot en kontrafagot wat op die roep-gedeelte “antwoord”. Later in Seksie 4 tree die eerste en tweede hobo en eerste en tweede klarinet ook in om die antwoord-gedeelte saam met die piccolo, fluite, fagot en kontrafagot te speel.

Voorbeeld 3.8: Roep-en-antwoord-beginsel, maat 187-189

Con moto $\text{♩} = 126$ "antwoord" "antwoord"

Picc.

Fl. 1

Fl. 2

Fag.

Cont. fag.

Gr. c.

VI. I

VI. II

Va.

Vc.

Cb.

187

A₂: Seksie 5 (Tempo 1)

Geen Afrika-etniese elemente in verband met die struktuur van die musiek verskyn in hierdie seksie nie, moontlik omdat dit die slotgedeelte van die werk is.

Samevatting

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat twee oorheersende Afrika-etniese elemente 'n belangrike rol in die musiekstruktuur van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* speel. Een só 'n element is die roep-en-antwoord-idee wat in drie van die vyf seksies (Seksies 2, 3 en 4) opvallend gebruik word – die totale *Con moto*-seksie (Seksie 4) is op hierdie idee gebaseer. Nog 'n Afrika-etniese element is die permutasie-tegniek wat oor 'n groot gedeelte van Seksie 2 (*Vivace*) strek. Die melodie wat in maat 129 begin, word tot en met maat 161 op verskillende wyses gepermuteer.

Dus word Afrika-etniese elemente in al die seksies behalwe die inleiding en koda gebruik. In die volgende afdeling (3.3) word die melodiese inhoud van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* ontleed om die aanwending van Afrika-etniese elemente daarin te bespreek.

3.3 Melodie

Daar kom verskeie Afrika-etniese elemente in die melodiese inhoud van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* voor, soos wat in die volgende paragrawe bespreek sal word.

Eerstens is dit opvallend dat die pentatoniese toonleer se intervalle oorheersend gebruik word: die majeure sekunde en mineur tertse. Pentatoniek laat die Afrika-invloed in musiek sterk na vore tree (Pelser 1995:17). Volgens Kubik (2001:202) gebruik etniese groepe in Wes-Afrika vorme van die pentatoniese toonleer wat moontlik hul oorsprong in die frekwensies van vokaal- en konsonantformante van menslike spraak het. Die anhemitoniese (sonder halftone) pentatoniese sisteme word deur die meeste van hierdie etniese groepe (byvoorbeeld die Yoruba- en Fon-stam) gebruik. Majeur sekundes en mineur tertse is die melodiese intervalle wat in die pentatoniese toonleer voorkom en daarom is hierdie intervalle ook prominent in inheemse musiek se melodieë.

'n Dubbelsinnige tonaliteit tree gereeld in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* na vore. Volgens Wolff en Stewart (1988:33) onthul 'n dubbelsinnige tonaliteit Afrika-etniese invloede.

Verder kom melodiese intervalle van rein kwarte en kwinte algemeen voor. Behalwe majeure sekundes en mineur tertse, word rein kwarte en kwinte as die mees natuurlike melodiese intervalle in Afrika-etniese musiek gebruik (Ferreira 1995:25). Die rein kwart is 'n karakteristieke oop interval wat in Afrika-musiek gevind word.

Melodieë met 'n dalende kontoer is ook 'n Afrika-etniese element wat in die melodiese inhoud van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* voorkom. Die Nguni-groep (Xhosa, Zoeloe, Swazi en Ndebele) se toonhoogtekontoure in spraak is semanties: die dwang van spraaktoon neig om die rigting van die melodiese lyn in vokale musiek te beïnvloed (Pelser 1995:26).

Ostinaatpatrone word gereeld in Afrika-etniese musiek aangetref en volgens Sisman (1999:600) is sulke patrone kenmerkend van Afrika-etniese musiek. Die ostinate is kort en van beperkte toonhoogte-omvang (Jacobs 1989:10).

In *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* kom melodieë voor wat op 'n heksatoniese sisteem gebaseer is. Daar bestaan 'n groot verskeidenheid toonlere in die musiek van Afrika en volgens Kubik (2001:202) word heksatoniese sisteme in Gaboen, die Kongo, Angola en Suid-Afrika aangetref. In Suid-Afrika is dit die Xhosa-stam se musiek wat hoofsaaklik op 'n heksatoniese sisteem gebaseer is (Kubik 2001:202). Hierdie sisteme ontstaan deur die gebruik van die mondboog.

Vervolgens sal daar vasgestel word hoe die elemente wat in die voorafgaande paragrawe bespreek is in die verskillende seksies van die werk aangewend word.

Seksie 1: *Desolato e misterioso* (maat 1-28)

Volgens Wolff en Stewart (1988:35) dien die volgende motief (wat uit 'n dalende mineur terts, stygende majeur sekunde en dalende mineur sekunde bestaan) as 'n skakel deur die hele werk:

Voorbeeld 3.9: “Afrika-motief”, maat 3



Die moontlike redes waarom daar na die motief in voorbeeld 3.9 as die “Afrika-motief” verwys word, is vanweë die dubbelsinnige tonaliteit (D en D-kruis kom in die motief voor) asook die gebruik van die majeur sekunde en mineur terts (intervalle van die pentatoniese toonleer). Hierdie Afrika-motief kom in verskillende vorme voor en word vir die ontwikkeling van ander melodiese materiaal gebruik. Dit verskyn vir die eerste keer in maat 3 in die tweede klarinet, eerste trompet en vibrafoon (sien voorbeeld 3.10). Afrika-etniese elemente, soos die intervale van die pentatoniese toonleer en 'n twyfelagtige tonaliteit, is as gevolg van die gebruik van die Afrika-motief dus reeds in die openingsmate van die werk teenwoordig.

Let op die interessante wyse hoe Grové die Afrika-motief tussen die strykerspartye verdeel (ook in voorbeeld 3.10 aangedui): die eerste viole onderverdeel in drie seksies waarin die motief se eerste, tweede en derde noot onderskeidelik voorkom. Die vierde noot verskyn in die tweede viool.

Voorbeeld 3.10: Afrika-motief en verdeling in strykers, maat 1-3

1
 Clar B^b
 2
 1
 Trombe B^b
 2
 Arpa
 Vibra.
 Tamb. mil.
 Bongos
 VI. I div.
 VI. II div.
 Va.
 Vc.

p *pp* *p*
mp *pp* *f*
f
p
p
pp *pp* *pp*

Straight mute
 harmon mute
 snares off
 Ped.

4/4
 6/4 Afrika-motief
 4/4 Desolato e misterioso $\text{♩} = c.66$
 6/4 E^b
 Sord. (k₂₂)
 Sord. b₂
 Sord. C
 Sord. D
 Sord. D^b

I

Tot en met maat 16 word die Afrika-motief melodies uitgebrei en ontwikkel. In maat 4-7 bestaan die melodielyn, wat in die tweede klarinet, eerste trompet en vibrafoon aanwesig is, uit die volgende intervalle: stygende en dalende mineur sekundes, stygende en dalende majeur sekundes en dalende mineur tertse (soos in voorbeeld



3.11 waargeneem kan word). Alhoewel die melodielyn nie op een spesifieke pentatoniese toonleer gebaseer is nie, is die intervalle wat in pentatoniese toonlere voorkom oorheersend in die melodielyn. Deur middel van die mineur-sekunde-intervalle bly die twyfelagtigheid van tonaliteit behoue. Die melodielyn word steeds tussen die strykerspartye verdeel.



Voorbeeld 3.11: Melodiese ontwikkeling van Afrika-motief, maat 4-7

Cl. *pp melodielyn* *f*

Trbe. *mp* *f*

Arpa. *f*

Vibr. *ped* *f*

Timb.

Bong. *f*

VI. I div

VI. II div *sord.* *pp* *f*

Va. *pp* *f*

Vc. *pp*

4



Cl. *p* melodielyn *pp* *f*

Trbe *mp* *mf* *pp* *f*

Arpa *p* with nail *f*

Vibr *ped.*

Timb.

Bong.

VI. I div

VI. II div *bp*

Va. *f*

Vc. *mf* *dim*


4

4

6

In voorbeeld 3.12 word aangedui hoe die rein kwart in maat 8 in die melodielyn (nou in die fluit, eerste trompet en vibrafoon) bygevoeg word. Die rein kwart is een van die mees natuurlike melodieuse intervalle in Afrika-etniese musiek (Ferreira 1995:25), dus tree nog 'n Afrika-etniese element nou in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se melodielyn in. Die melodielyn se omvang word verder uitgebrei met die dalende mineur sekst (maat 9) en dalende verminderde kwint (maat 11) wat verskyn.

Voorbeeld 3.12: Uitbreiding van melodielyn se omvang, maat 8-11



The image shows a handwritten musical score for measures 8-11. The score is arranged in a system with the following parts from top to bottom: Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), Trumpet (Trbe), Organ (Arja), and Vibraphone (Vibr.).

- Flute (Fl.):** Measures 8-11. Measure 8 starts with a first-octave (1°) marking. A melodic line is written with a dynamic marking of *mf*. A bracket under the first two notes of measure 8 is labeled "rein kwart". A bracket under the last two notes of measure 9 is labeled "mineur sekst".
- Oboe (Ob.):** Measures 8-11. The staff is mostly empty, with a few notes in measure 8.
- Clarinet (Cl.):** Measures 8-11. Measure 8 has a dynamic marking of *p* and a crescendo hairpin leading to *pp*. Measure 9 has a dynamic marking of *pp* and a decrescendo hairpin.
- Trumpet (Trbe):** Measures 8-11. Measure 8 has a dynamic marking of *mp*. Measure 9 has a dynamic marking of *pp*. Measure 10 has a dynamic marking of *pp* and a decrescendo hairpin. A large "3/4" is written below the staff in measure 10.
- Organ (Arja):** Measures 8-11. The staff is mostly empty, with a few notes in measure 8.
- Vibraphone (Vibr.):** Measures 8-11. Measure 8 has a dynamic marking of *pp*. Measure 9 has a dynamic marking of *pp*. Measure 10 has a dynamic marking of *pp* and a decrescendo hairpin. The word "Ped." is written below the staff in measures 8 and 9.

A small box containing the number "8" is located at the bottom left of the score.



Fl.

Ob.

Cl.

Tb

Arpa

Vibr.

mf

p

pp

f

verminderde kwint

Cup mute

mp

fp

pp

3/4

5/4

10

Volgens Pelser (1995:26) het melodieë wat kenmerkend van Afrika-etniese musiek is 'n dalende kontoer. In maat 14-16 is die dalende kontoer van die melodielyn (nou in die altsaxofoon, eerste trompet en vibrafoon) opvallend (sien voorbeeld 3.13 ter illustrasie). Die volgende gevolgtrekking kan dus gemaak word: Grové gebruik behalwe spesifieke melodiese intervalle wat Afrika-etniese musiek se melodieë kenmerk ook melodielyne met 'n dalende kontoer as 'n Afrika-etniese element in Seksie 1 van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*.

Voorbeeld 3.13: Melodielyn met dalende kontoer, maat 14-16

Handwritten musical score for measures 14-16. The score includes staves for Sax Eb (alto), Trbe (trumpet), Arpa (piano), and Vibr. (vibrato). Dynamics markings include *mf*, *p*, *mp*, and *pp*. There are also some handwritten annotations like $\frac{3}{4}$ and $\frac{4}{4}$ below the Trbe staff.

Die oorspronklike note van die Afrika-motief kom weer in maat 19-20, asook in maat 22, in die eerste trompet voor en sodoende word 'n dubbelsinnige tonaliteit en intervalle van die pentatoniese toonleer weer daargestel (sien voorbeeld 3.14). Beide 'n dubbelsinnige tonaliteit en die pentatoniese toonleer se intervalle word as Afrika-etniese elemente beskou.

Voorbeeld 3.14: Oorspronklike note van Afrika-motief, maat 19-20 en maat 22

Handwritten musical score for measure 19. It features a Trbe (trumpet) staff with dynamics *p* and *straight mutes*. The measure is marked with a circled 19.

Handwritten musical score for measure 22. It features a Trbe (trumpet) staff with dynamics *mp* and *mf*. The measure is marked with a circled 22.

Seksie 2: Vivace (maat 29-167)

In maat 29-32 kom groepies agstenote wat majeur sekundes en mineur tertse bevat in verskeie partye voor. Die pentatoniese toonleer se intervalle is dus steeds aanwesig en dui op Afrika-etniese invloede (sien voorbeeld 3.15 ter illustrasie). Verder verskyn die oorspronklike Afrika-motief in maat 33 in die tweede trompet. Die Afrika-motief stel met elke intrede beide die pentatoniese toonleer se intervalle en 'n dubbelsinnige tonaliteit (ook 'n Afrika-etniese element) daar.

Voorbeeld 3.15: Intervalle van die Afrika-motief, maat 31-33



The image shows a handwritten musical score for measures 31-33. The score is written for several instruments: Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), Clarinet Basso (Cl. basso), Bassoon (Fag.), Horn (Cor), and Trumpet (Trb.). The time signature is 4/4. The key signature is one sharp (F#). The score includes various annotations and markings:

- Fl.:** Measures 31-33. Annotations include "mineur terts" and "majeur sekunde".
- Ob.:** Measures 31-33. Annotations include "mineur terts" and "majeur sekunde".
- Cl.:** Measures 31-33. Annotations include "mineur terts" and "majeur sekunde".
- Cl. basso:** Measures 31-33. Annotations include "mineur terts" and "majeur sekunde".
- Fag.:** Measures 31-33. Annotations include "mineur terts" and "majeur sekunde".
- Cor:** Measures 31-33. Annotations include "mineur terts" and "majeur sekunde".
- Trb.:** Measures 31-33. Annotations include "mineur terts" and "majeur sekunde". A box highlights the "Afrika-motief" in measure 33.

The score is marked with a box containing the number 31 at the bottom left.

Die melodiese inhoud word in maat 35-37 hoofsaaklik deur die fluit, hobo en klarinet gespeel (soos in voorbeeld 3.16 gesien kan word). Die melodie begin in die fluit-, hobo- en klarinetparty met die oorspronklike intervalle van die Afrika-motief (dalende mineur terts, stygende majeur sekunde, dalende mineur sekunde) en daarom is 'n dubbelsinnige tonaliteit en die pentatoniese toonleer se intervalle steeds aanwesig.

Voorbeeld 3.16: Melodiese inhoud gebaseer op die Afrika-motief, maat 35-37



Die Franse horings se party bevat in maat 41-42 en 44 'n melodie wat uit die Afrika-motief ontwikkel is: 'n stygende mineur sekunde, dalende majeur sekunde en dalende mineur tertse word gebruik en die aanwesigheid van beide die mineur sekunde en majeur sekunde verhoog weereens die dubbelsinnigheid van die tonaliteit. Wanneer die melodie in maat 41 intree, word dit aan die eerste Franse horing toegeken. In maat 42 tree dit op 'n nabootsende wyse in die derde Franse horing se party in en dit word as 'n solo aangedui (sien voorbeeld 3.17).

Voorbeeld 3.17: Melodiese inhoud uit die Afrika-motief ontwikkel, maat 40-42



In maat 43 neem die klarinet en eerste trompet die melodie oor. Die melodie begin met die Afrika-motief en word dan ontwikkel (sien voorbeeld 3.18). In maat 44 kom 'n kort melodie met 'n dalende kontoer in unisoon in die eerste en derde Franse horings en piccolo voor (ook in voorbeeld 3.18 aangedui). Soos wat aan die begin van hierdie afdeling bespreek is, is 'n dalende kontoer kenmerkend van die melodieë van Afrika-etniese musiek. Behalwe 'n dubbelsinnige tonaliteit en intervale van die pentatoniese toonleer, is 'n melodie met 'n dalende kontoer dus nog 'n Afrika-etniese element wat Grové in Seksie 2 aanwend.

Voorbeeld 3.18: Melodiese inhoud, maat 43-44



The image shows two systems of handwritten musical notation. The first system, labeled '43', features parts for Picc., Fl., Ob., Cl., Cl. b., Fag., Cor., Trbe, and Trbn. The Clarinet part is marked with 'Africa-motief'. The second system, labeled '44', features parts for Picc., Fl., Ob., Cl., Cl. b., Fag., Cor., Trbe, and Trbn. The Clarinet part is marked with 'senza cord.' and 'senza ser.'. Dynamics such as *mf* and *f* are indicated in various parts.

Vir die grootste gedeelte van die *Vivace*-seksie (Seksie 2) is die melodiese materiaal en die begeleidingsmateriaal op die Afrika-motief se intervale gebaseer. Hierdie motief word soms as 'n ostinaatpatroon ontwikkel, soos byvoorbeeld in die strykerspartye in maat 49-50 (eerste en tweede viole), maat 58-59 (eerste viole in twee stemme verdeel en tweede viole) en maat 68-70 (tjello's en kontrabasse, laasgenoemde in twee stemme verdeel). Die gevolg is dat die Afrika-etniese elemente van die Afrika-motief (intervalle van die pentatoniese toonleer en 'n dubbelsinnige tonaliteit) binne die bestek van 'n paar mate herhaaldelik voorkom en onmiskenbaar is. Voorbeeld 3.19 illustreer die ostinaatpatroon in maat 68-70. Die ostinaatpatrone in maat 49-50 en maat 58-59 stem met hierdie voorbeeld ooreen.

Voorbeeld 3.19: Ostinaatpatroon, maat 68-70



Volgens Wolff en Stewart (1988:40) kom “shrill use of the original African motive” in die fluit, hobo, klarinet, eerste viool, tweede viool en altviool in maat 71-72 voor. Daar is twee redes waarom die skrywer van hierdie stelling verskil. Die eerste rede is: hoewel die intervalle van die oorspronklike Afrika-motief gebruik word, word hul volgorde gewysig en die motief word uitgebrei. In die oorspronklike Afrika-motief is die volgorde van die intervalle: dalende mineur tert, stygende majeur sekunde, dalende mineur sekunde. In maat 71-72 is die intervalle se volgorde: dalende mineur tert, stygende mineur sekunde, dalende mineur tert, stygende majeur sekunde (sien voorbeeld 3.20). Dit is dus nie die oorspronklike Afrika-motief wat gebruik word nie, maar wel intervalle uit die oorspronklike Afrika-motief.

’n Verdere rede waarom die skrywer van Wolff en Stewart verskil, is dat die materiaal wat in die altviool verskyn, glad nie die intervalle van die oorspronklike Afrika-motief bevat nie. Die volgorde van die intervalle in die altvioolparty is: stygende majeur tert, dalende vergrote kwint, stygende majeur sekunde, stygende majeur tert (soos in voorbeeld 3.20 aangedui). Daar kan dus nie gesê word dat dit die oorspronklike Afrika-motief is wat in hierdie mate voorkom nie, soos wat Wolff en Stewart (1988:40) beweer.

Voorbeeld 3.20: "Shrill use of original African motive", maat 71-72



The musical score shows measures 71 and 72 for Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), Violin I (VI. I), Violin II (VI. II), and Viola (Va.). The woodwinds play a descending quarter note motif. The strings play a descending half note motif. Handwritten annotations below the staves identify intervals: for the woodwinds, 'mineur terts' (minor third) and 'mineur sekunde' (minor second) are marked between notes; for the strings, 'majeur terts' (major third), 'vergrande kwint' (augmented fifth), 'majeur sekunde' (major second), and 'majeur terts' (major third) are marked. A box containing the number '71' is located at the bottom left of the score.

Volgens Jacobs (1989:6) word die dalende rein kwart in inheemse musiek dikwels met die "roep"-idee geassosieer. In die piccolo, fluit, hobo en eerste viool is daar in maat 75-76 'n melodiese lyn teenwoordig wat drie ooreenkomste met die melodieë van Afrika-etniese musiek toon (hierdie ooreenkomste word in voorbeeld 3.21 aangedui): 'n dubbelsinnige tonaliteit, 'n dalende kontoer (sien eerste viool) en die gebruik van die dalende rein kwart. Hier kombineer Grové dus drie verskillende Afrika-etniese elemente in 'n enkele melodielyn.

Die fluit en hobo se partye verdeel albei in maat 76 in twee stemme. Voordat hierdie twee partye verdeel, speel die piccolo, fluit, hobo en eerste viool die melodie in unisoos.

Voorbeeld 3.21: Dubbelsinnige tonaliteit, dalende rein kwarte en dalende kontoer, maat 75-76



Handwritten musical score for measures 75-76. The score includes staves for Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Oboe (Ob.), and Violin I (vl. I). Handwritten annotations include "dalende rein kwarte" with arrows pointing to descending intervals in the Piccolo staff, and "Dubbelsinnige tonaliteit" with arrows pointing to a key signature change from D major to D-flat major (D → Db) and a chromatic alteration from C# to Cb in the Violin I staff. A box containing the number "75" is located at the bottom left of the score.

Die skrywer het in die vorige afdeling (3.2 Struktuur) melding gemaak van die roep-en-antwoord-beginsel wat vanaf maat 77 gebruik word (sien voorbeeld 3.1). 'n Melodie wat die volgende kenmerke van Afrika-etniese melodieë vertoon, kom in maat 94-97 as die "roep"-gedeelte in die piccolo, fluit, hobo en klarinet voor: 'n dubbelsinnige tonaliteit (as gevolg van die ontwikkeling van die oorspronklike Afrika-motief), 'n dalende kontoer en dalende rein-kwart-intervalle. Grové kombineer dus weereens drie Afrika-etniese melodiese elemente in een melodielyn.

Hierdie elemente word in voorbeeld 3.22 aangedui. In elkeen van die gemelde instrumentpartye verskyn hierdie melodie op 'n ander toonhoogte. Slegs in die hobo en klarinet is die toonhoogte dieselfde.

Voorbeeld 3.22: Dubbelsinnige tonaliteit, dalende rein kwarte en dalende kontoer, maat 94-97



Handwritten musical score for measures 94-97. The score is written for five instruments: Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), and Bassoon (C.A.). The key signature is B-flat major. The score includes several chromatic shifts: $Bb \rightarrow Bb$, $C \rightarrow Cb$, and $G \rightarrow Gb$. The melodic line in the Clarinet part is annotated with "dalende rein kwart" (descending pure quart) in two places. The measure number 94 is boxed at the bottom left.

In maat 99-104 verskyn daar 'n soortgelyke melodie in die piccolo. Dit bevat ook die drie Afrika-etniese elemente wat in die vorige paragraaf genoem is: 'n dubbelsinnige tonaliteit, 'n dalende melodiese kontoer en dalende rein kwarte. Sien voorbeeld 3.23 ter illustrasie.

Voorbeeld 3.23: Dubbelsinnige tonaliteit, dalende rein kwarte en dalende kontoer, maat 99-104

Dalende rein kwarte en 'n dubbelsinnige tonaliteit is weereens aanwesig in die melodiese inhoud in maat 109-110 wat in unisoen in die fluit en eerste viool voorkom (sien voorbeeld 3.24). Die harmoniese intervalle wat in maat 109 tweestemmig deur die Franse horings gespeel word, versterk die dubbelsinnigheid van die tonaliteit.


Voorbeeld 3.24: Dubbelsinnige tonaliteit en dalende rein kwarte, maat 108-110



As gevolg van die dubbelsinnige tonaliteit, 'n dalende kontoer en die gebruik van die dalende rein kwart wat in die melodielyne in maat 75-110 voorkom (soos in die voorafgaande voorbeelde aangedui), is dit duidelik dat Grové Afrika-etniese elemente prominent en opvallend in Seksie 2 se melodiese inhoud aanwend.


Daar begin in maat 121 'n melodie in die eerste trompet waarin daar 'n kombinasie van intervalle voorkom wat met Afrika-etniese melodieë geassosieer word: die intervalle van die Afrika-motief (mineur sekunde, majeur sekunde en mineur tert) word met die dalende rein kwart gekombineer (sien voorbeeld 3.25). Hiermee gaan Grové dus voort om Afrika-etniese elemente in die melodiese inhoud van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* te kombineer en hy bereik selfs 'n sterker twyfelagtigheid in die tonaliteit.

Voorbeeld 3.25: Intervalle van Afrika-motief en rein kwart, maat 121-124



Verskeie Afrika-stamme se musiek is op heksatoniese sisteme gebaseer. Volgens Kubik (2001:202) word heksatoniese sisteme in Gaboen, die Kongo, Angola en Suid-Afrika aangetref en die sisteme ontstaan deur die gebruik van die mondboog. 'n Melodieuse, tipiese Afrika-melodie begin in maat 129 in die piccolo en fagot en duur voort tot in maat 133. Die melodie is op die volgende heksatoniese toonleer gebaseer:

Voorbeeld 3.26: Heksatoniese toonleer



In die melodie wat in maat 129-133 voorkom, verskyn die dalende rein kwart (wat met die “roep”-idee geassosieer word) vier keer binne die bestek van vyf mate (sien voorbeeld 3.27). Verder het hierdie melodie duidelik 'n dalende kontoer: dit begin op G¹ en eindig op F-kruis (dit kan ook in voorbeeld 3.27 waargeneem word). Teenoor hierdie melodie speel die fluit 'n ostinaatbegeleiding (kenmerkend van Afrika-etniese musiek) wat uit dalende mineur sekundes, stygende en dalende majeure sekundes, stygende en dalende mineur tertse en stygende en dalende rein kwarte bestaan (met ander woorde al die interalle wat prominent in die melodieë van Afrika-etniese musiek voorkom). Maat 129-133 verteenwoordig dus 'n hoogtepunt ten opsigte van die implementering en integrasie van Afrika-etniese elemente in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se melodiese inhoud.

Voorbeeld 3.27: Heksatoniese melodie, maat 127-133




Ook die heksatoniese melodie (in die vorige voorbeeld) se begeleiding wat in unisoen deur die harp, pouke en kontrabas gespeel word bestaan uitsluitlik uit stygende en dalende mineur tertse (intervalle van die pentatoniese toonleer) en stygende en dalende rein kwarte (kenmerkende melodiese intervale van Afrika-etniese musiek). Die gebruik van die dalende rein kwart is opvallend, soos wat in voorbeeld 3.28 waargeneem kan word. Die totale melodiese inhoud – melodieë en begeleidingspatrone – in maat 129-133 is dus op Afrika-etniese elemente gebaseer.

Voorbeeld 3.28: Harp, pouke en kontrabas se begeleiding, maat 127-133



Arpa: *f* rein kwart

Vibr.

Timp.: *p* rein kwart

VI. I

VI. II

Va.

Cb.: (*pizz*) *mp*

127



Arpa: mineur terts

Timp.: (*bcl.*)

Marim.

Cr.: *p*

Cb.: rein kwart, mineur terts, *p*

130

Dieselfde tipe heksatoniese melodie verskyn weer in maat 135-139 in die piccolo, eerste fluit en fagot. Die omvang (wat met die eerste intrede van die melodie oor 'n

intervalafstand van 'n mineur none gestrek het) word na 'n mineur desiem uitgebrei – die melodie begin op G¹ en eindig op E en sodoende word die melodie se dalende kontoer uitgebrei. Die ostinaatbegeleiding word nou deur die tweede fluit en tweede trompet in unisoon gespeel, terwyl die harp, pouke en kontrabas weer hul vorige begeleiding van mineur tertse en rein kwarte speel. Ook die marimba speel nou 'n ostinaatbegeleiding wat hoofsaaklik uit mineur tertse en rein kwarte bestaan. Grové gebruik dus (net soos in maat 129-133 in die vorige voorbeeld) slegs Afrika-etniese elemente in maat 135-139 se melodiese inhoud, soos wat voorbeeld 3.29 aandui.

Voorbeeld 3.29: Heksatoniese melodie, tweede intrede, maat 135-139



Musical score for measures 135-139, featuring a hexatonic melody. The score includes staves for Piccolo (Picc.), Flute 1 (Fl. 1), Flute 2 (Fl. 2), Clarinet (Cl.), Bassoon (Fag.), Trumpet 2 (Trbe 2), Harp (Arpa), Timpani (Timp), Maracas (Marim), Triangle (Triang. large), and Cymbal (Cb.).

Measure 135: Picc. (pizzicato), Fl. 1 (forte), Fl. 2, Cl. (mezzo-forte), Fag., Trbe 2 (mezzo-piano), Arpa, Timp, Marim, Triang. large (mezzo-piano), Cb.

Measure 136: Picc., Fl. 1, Fl. 2, Cl., Fag., Trbe 2, Arpa, Timp, Marim, Triang. large, Cb.

Measure 137: Picc., Fl. 1, Fl. 2, Cl., Fag., Trbe 2, Arpa, Timp, Marim, Triang. large, Cb.

Measure 138: Picc., Fl. 1, Fl. 2, Cl., Fag., Trbe 2, Arpa, Timp, Marim, Triang. large, Cb.

Measure 139: Picc., Fl. 1, Fl. 2, Cl., Fag., Trbe 2, Arpa, Timp, Marim, Triang. large, Cb.

135




137

In maat 140-145 word die oorspronklike Afrika-motief na 'n ostinaatpatroon (in unisoon) uitgebrei in die fluit en klarinet se partye (sien voorbeeld 3.30). Hierdie ostinaatpatroon bestaan uit dalende mineur sekundes, stygende majeur sekundes en stygende en dalende mineur tertse – daarom is die dubbelsinnige tonaliteit en die

intervalle van die pentatoniese toonleer steeds aanwesig. In dieselfde mate (maat 140-145) kom daar in die Franse horing en skuiftrumpet akkoorde voor wat op die twyfelagtigheid van die tonaliteit dui (ook in voorbeeld 3.30 aangedui). Afrika-etniese elemente is dus steeds in die musiek se melodiese inhoud teenwoordig.

Voorbeeld 3.30: Ostinaatpatroon en dubbelsinnige tonaliteit, maat 140-145



Fl.

Cl.

Cor.

Trbn

mineur sekunde

majeur sekunde

mineur terts

140

Die volgende intrede van die heksatoniese Afrika-melodie vind in maat 146-150 in die piccolo, fagot en glockenspiel plaas. Die melodie kom in laasgenoemde twee instrumente se partye in unisoon voor, maar in die piccolo is dit na 'n ander toonhoogte getransponeer en is dus op die volgende heksatoniese toonleer gebaseer:

Voorbeeld 3.31: Heksatoniese toonleer

Teenoor die heksatoniese melodie in maat 146-150 (sien voorbeeld 3.32) is die harp, marimba en kontrabas se vorige begeleidingspatrone (soos aangetref in voorbeeld 3.28) steeds aanwesig, terwyl daar in die eerste viool, tweede viool en altviool 'n ostinaatbegeleiding voorkom bestaande uit stygende en dalende mineur sekundes, stygende en dalende mineur tertse, stygende en dalende majeur tertse en stygende rein kwarte. In hierdie mate (maat 146-150) oorheers Afrika-etniese elemente dus

weereens die melodiese inhoud. Die begeleidingspatrone in die eerste viol, tweede viol en altviol word ook in voorbeeld 3.32 aangedui.



Voorbeeld 3.32: Heksatoniese melodie, derde intrede, maat 146-150

Handwritten musical score for a hexatonic melody, measures 146-150. The score includes staves for Picc., Fl., Cl., Fag., Cor., Trbn., Arpa, Marim, Glock, Gr. c., Wood bl., VI. I, VI. II, Va., and Cb. The melody is marked with "4 p." and "3 p." in measures 146 and 147 respectively. The Arpa part is marked "rein kwart". The Glock part has "mineur tert" and "rein kwart" markings. The VI. I part has "mineur tert" and "mineur sekunde" markings. The VI. II part has "majeur tert" and "rein kwart" markings. The Va. part has "rein kwart" marking. The Cb. part has "rein kwart" marking. The score is numbered 146 at the bottom left.



Picc

Fl.

Cl.

Cl. b.

Fag.

Cont. fag.

Trbe

Trbn

Arpa

Marim

Glock

VI. I

VI. II

Va

Vc.

150

Die laaste verwysing na die heksatoniese melodie kom in maat 160-161 voor. Slegs twee mate wat aan die oorspronklike heksatoniese melodie herinner, verskyn in die piccolo, fluit, hobo en klarinet (sien voorbeeld 3.33). Die dalende rein kwart (’n Afrika-etniese element) is steeds aanwesig.

Voorbeeld 3.33: Twee mate van heksatoniese melodie, maat 160-161



The image shows a handwritten musical score for measures 160 and 161. It consists of four staves: Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Oboe (Ob.), and Clarinet (Cl.). Each staff contains a melodic line. The Piccolo staff has a single note in measure 160 and two notes in measure 161. The Flute, Oboe, and Clarinet staves have more complex melodic lines with slurs and accents. A dynamic marking 'f' is present at the beginning of the Clarinet staff. A box labeled '160' is located below the first staff.

Seksie 3: *Molto energico* (maat 167-186)

Hierdie seksie word deur ’n frenetiese ontwikkeling van die Afrika-motief gekenmerk (Wolff & Stewart 1988:40). In maat 167-174 is die eerste viool, tweede viool en altviool se melodiese inhoud hoofsaaklik op die intervalle van die oorspronklike Afrika-motief gebou. Dit is dus opvallend dat die melodiese intervalle waarop pentatoniese toonlere gebaseer is en ’n twyfelagtige tonaliteit (mineur sekunde/majeur sekunde) in die nuwe seksie volgehou word. Die volgende voorbeeld (voorbeeld 3.34) skets die *Molto energico*-seksie se openingsmate. Die strykerspartye se melodiese inhoud is deur die res van die seksie soortgelyk aan hierdie voorbeeld – dieselfde intervalle word gebruik.

Voorbeeld 3.34: Melodiese inhoud op Afrika-motief gebou, maat 167-169



The musical score shows measures 167-169 for Violin I (VI-I) and Violin II (VI-II). The key signature has one sharp (F#). The score includes dynamic markings such as *f*, *sf*, and *p*. Handwritten annotations above the staves identify intervals: 'majeur sekunde' (major second), 'mineur tertse' (minor third), and 'mineur sekunde' (minor second). The number '167' is boxed at the bottom left of the score.

In maat 179-181 verskyn die volgende drie Afrika-etniese elemente: melodiese fragmente waarin die dalende rein kwart (wat met die “roep”-idee geassosieer word) opvallend voorkom in die fagot, kontrafagot en skuifrompet; die eerste en tweede viool se melodiese inhoud is steeds op mineur sekundes, majeure sekundes en mineur tertse gebou en dit bewerkstellig dus die pentatoniese toonleer se intervale en 'n twyfelagtige tonaliteit; en in die pouke is 'n dubbelsinnigheid van tonaliteit teenwoordig, want in maat 179 kom E-mol en E-herstel voor en in maat 180-181 kom B-mol en B-herstel naas mekaar voor. Grové gebruik dus weereens 'n verskeidenheid Afrika-etniese elemente gelyktydig in verskillende instrumentpartye.

Voorbeeld 3.35 illustreer die bogenoemde melodiese Afrika-etniese elemente.

Voorbeeld 3.35: Afrika-etniese elemente, maat 179-181



The image shows a handwritten musical score for measures 179-181. The score includes staves for Flute (Fag.), Clarinet (Cont. fag.), Cor., Trumpet 1 (Trbe 1), Trumpet 2 (Trbn), Timpani (Timp.), Violin I (VI. I), and Violin II (VI. II). The key signature is E-flat major (three flats). The time signature is 5/4. Handwritten annotations include:

- "dalende rein kwarte" (descending pure quarter) with arrows pointing to the descending quarter notes in the Flute and Trumpet 2 parts.
- "mineur terts" (minor third) and "majeur sekunde" (major second) annotations in the Violin parts.
- "mineur sekunde" (minor second) annotation in the Violin II part.
- Chord changes in the Timpani part: Eb → E♭, Bb → B♭.
- A boxed measure number "179" at the bottom left.

Die melodie wat in maat 183 in die piccolo, fluit, hobo, eerste klarinet, tweede klarinet en eerste trompet begin, toon weer sekere kenmerke van die melodieë van Afrika-etniese musiek: daar is 'n dubbelsinnige tonaliteit aanwesig, die melodie het 'n dalende kontoer en maat 184 sowel as maat 186 eindig met 'n dalende rein kwart (sien voorbeeld 3.36). Daar kom dus drie Afrika-etniese melodiese elemente in 'n enkele melodielyn voor.

Voorbeeld 3.36: Afrika-etniese elemente, maat 183-186

Handwritten musical score for measures 183-186. The score is for a woodwind and brass ensemble. The instruments listed are Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet 1 (Clar. 1.), Clarinet 2 (Clar. 2.), Bassoon (Fag.), Contrabassoon (C.Fag.), Horns (Cor.), and Trumpets (Trbel). The score includes various performance markings such as dynamics (mp, mf, f, p) and articulation (accents, slurs). A handwritten note at the top right indicates a melodic change: $G^b \rightarrow G^{\natural}$ and "dalende rein kwart" (descending quarter note). A large handwritten "4" is placed in the center of the page. The measure number "183" is boxed at the bottom left.

$E_b \rightarrow E^{\flat}$ $E^{\flat} \rightarrow E_b$ ↘ dalende
 rein kwart



185

Die volgende voorbeeld (3.37) illustreer steeds die melodiese inhoud in maat 183-186, maar daar word op die begeleidende partye, in plaas van die partye wat die melodie speel, gefokus. In voorbeeld 3.37 (ook maat 183-186, soos in voorbeeld 3.36) kan waargeneem word hoe die melodiese materiaal wat in voorbeeld 3.35 in die pouke voorgekom het, nou in die tjello en kontrabas voorkom. 'n Verdere interessante verskynsel wat aangedui is, is die skielike prominente aanwesigheid van die melodiese rein kwint in die fagot, kontrafagot, pouke en tjello. Die melodiese rein kwint is 'n kenmerkende interval in Afrika-etniese melodieë, tog kom dit nou vir die

eerste keer herhalend voor. Grové se gebruik van Afrika-etniese elemente raak dus nie eentonig nie, want 22 mate voor die einde van die werk is die melodiese rein kwint se teenwoordigheid vir die eerste maal opvallend. Dit word dus met melodielyne waarin dalende rein kwarte voorkom en wat 'n dalende kontoer en dubbelsinnige tonaliteit het, gekombineer.

Voorbeeld 3.37: Gebruik van rein kwint, maat 183-186

The image shows a handwritten musical score for measures 183 and 184. The score is written for a full orchestra and includes the following parts:

- Fag.** (Flute): Handwritten notes with dynamics *f* and *p*. A bracket labeled "rein kwint" spans the first two notes.
- C. fag.** (Clarinet): Handwritten notes with dynamics *f* and *p*. A bracket labeled "rein kwint" spans the first two notes.
- Cor.** (Cor Anglais): Handwritten notes with dynamic *f*.
- Trbe 1** (Trumpet 1): Handwritten notes with dynamic *f*. A bracket labeled "rein kwint" spans the first two notes.
- Timp.** (Timpani): Handwritten notes with dynamics *mf* and *p*.
- c. r.** (Cymbals): Handwritten notes with dynamic *mf*.
- Gr. c.** (Gong): Handwritten notes with dynamic *p*.
- VI. I** (Violin I): Handwritten notes with dynamics *f* and *p*. The word "unis" is written above the first measure.
- VI. II** (Violin II): Handwritten notes with dynamics *f* and *p*.
- Va.** (Viola): Handwritten notes with dynamics *f* and *p*. A bracket labeled "rein kwint" spans the first two notes.
- Vc.** (Violoncello): Handwritten notes with dynamic *f*.
- Cb.** (Contrabasso): Handwritten notes with dynamic *f*. The word "pizz" is written above the first measure.

Large handwritten numbers "4" and "4" are placed between the woodwind and string sections, respectively, indicating a specific interval or measure.

183



185

Seksie 4: *Con moto* (maat 187-197)

In hierdie seksie gaan die melodiese ontwikkeling van die oorspronklike Afrika-motief steeds voort. In maat 187-188 bestaan die melodiese inhoud van die betrokke partye – piccolo, eerste fluit, tweede fluit, fagot, kontrafagot, eerste viool (wat verdeel), tweede viool, altviool, tjello en kontrabas – uit stygende en dalende mineur sekundes, stygende en dalende majeur sekundes, stygende en dalende mineur

tertse, stygende en dalende majeure tertse en dalende rein kwarte (dus die intervalle waarop Afrika-etniese melodieë hoofsaaklik gebaseer is). Die rein kwint verskyn in die tjello-party. Daar kan dus gesien word dat Grové in maat 187-188 al die melodiese intervalle wat kenmerkend van Afrika-etniese musiek is, gelyktydig gebruik. Hierdie melodiese ontwikkeling kan in voorbeeld 3.38 waargeneem word.

Voorbeeld 3.38: Melodiese inhoud, maat 187-188

Con moto $\text{♩} = 126$



Picc.

Fl. 1

Fl. 2

Fag.

Cont. fag.

$\frac{4}{4}$ *Con moto* $\text{♩} = 126$ $\frac{3}{4}$

Gr. c.

VI. I

VI. II

Va. *div*

Vc. *arco* *rein kwint*

Cb. *rein kwint*

187

Die oorblywende mate van hierdie seksie is soortgelyk aan maat 187-188: die intervalle van Afrika-etniese melodieë word in al die partye gebruik, die houtblaasinstrumente “antwoord” steeds die strykinstrumente (sien 3.2 Struktuur) en die ritmiese patroon is dieselfde.

Seksie 5: *Tempo 1* (maat 198-205)

Volgens Wolff en Stewart (1988:40) is die laaste seksie ’n verheerliking van al die elemente in *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad*. Die lineêre idees wat uit die Afrika-motief ontwikkel is, kom as ’n melodielyn (in unisoen) in die eerste fluit, hobo, eerste klarinet, eerste trompet en vibrafoon voor, soos wat voorbeeld 3.39 illustreer.

Voorbeeld 3.39: Melodielyn uit Afrika-motief ontwikkel, maat 198-200

Fl.

Ob.

Cl.

Fag.

Cont. fag.

Cor.

Trbe

Tbn

Arpa

Timp

Vibr.

Tempo 1^o ♩ = 66

198

’n Ostinaatpatroon wat uit die Afrika-motief ontwikkel is, word in unisoen in die fagot, kontrafagot, pouke, tjello en kontrabas aangetref. Die ostinaat bestaan uit die volgende intervalle: ’n dalende majeur terts, ’n dalende mineur sekunde (wat dikwels

'n dubbelsinnige tonaliteit bewerkstellig) en 'n dalende rein kwart (geassosieer met die "roep"-idee) en is dus op intervalle gebaseer wat prominent in Afrika-etniese musiek voorkom. Sien voorbeeld 3.40 ter illustrasie.

Voorbeeld 3.40: Ostinaatpatroon, maat 198-200



The musical score shows an ostinato pattern across five staves. The top two staves are for woodwinds (Fag. and Cont. fag.), the middle for percussion (Timp.), and the bottom two for strings (Vc. and Cb.). The key signature is G minor. The time signature changes from 4/4 to 5/4. Handwritten annotations include 'mineur sekunde' and 'rein kwart' with brackets indicating intervals. A box containing the number '198' is at the bottom left.

Dit is opvallend dat die gebruik van Afrika-etniese elemente in die melodiese inhoud van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* tot aan die einde van die werk voorkom. Die eerste viool, tweede viool en altviool se partye skep harmonieë wat die dubbelsinnige tonaliteit bevestig: in maat 198 kom 'n G-mol in die eerste viool voor, 'n G in die tweede viool en 'n G-kruis in die altviool (sien voorbeeld 3.41).

Voorbeeld 3.41: Twyfelagtige tonaliteit, maat 198-200



Handwritten musical score for measures 198-200, featuring Violin I (VI. I), Violin II (VI. II), and Viola (Va.) parts. The score shows complex rhythmic patterns and dynamic markings such as *f*, *p*, and accents (>). The key signature is G major with a G# in the Viola part.

Samevatting

Die opvallendste Afrika-etniese element wat Grové aanwend is die deurlopende gebruik en melodiese ontwikkeling van die Afrika-motief. Die Afrika-motief en sy ontwikkelings kom in elk van die werk se vyf seksies voor. Behalwe dat dit 'n dubbelsinnige tonaliteit tot stand bring, verseker dit ook dat 'n melodiese lyn wat op intervalle van die pentatoniese toonleer gebaseer is, die werk oorheers. Afrika-etniese elemente wat in Seksie 1 se melodiese inhoud voorkom is hoofsaaklik die pentatoniese toonleer se intervalle en dubbelsinnige tonaliteit wat as gevolg van die gebruik van die Afrika-motief ontstaan.

In Seksie 2 is die herhalende melodie wat elke paar mate intree 'n Afrika-etniese element omdat dit op 'n heksatoniese toonleer gebaseer is. Daar kom ook ander Afrika-etniese elemente in die heksatoniese melodie voor, byvoorbeeld 'n dalende kontoer en dalende rein kwarte. Wanneer hierdie heksatoniese melodie intree, ken Grové gewoonlik 'n ostinaatpatroon aan een of twee ander instrumente toe en die res van die instrumente speel begeleidingspatrone wat op kenmerkende Afrika-etniese melodiese intervalle gebaseer is. Met elke intrede van die heksatoniese melodie kombineer Grové dus verkeie Afrika-etniese elemente en soms is die totale melodiese inhoud op Afrika-etniese elemente gebaseer. Daarom verteenwoordig

hierdie intredes 'n hoogtepunt in Grové se implementering van Afrika-etniese elemente in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se melodiese inhoud.

Verder kom ostinaatpatrone wat uit die Afrika-motief ontwikkel is gereeld in Seksie 2 voor en nie net saam met die heksatoniese melodie se intredes nie.

In Seksie 3, net soos in Seksie 2, kombineer Grové sekere Afrika-etniese elemente in die melodiese lyne, byvoorbeeld 'n dubbelsinnige tonaliteit, 'n dalende kontoer en die gebruik van die dalende rein kwart. Die rein kwint (stygend sowel as dalend) begin ook in Seksie 3 se begeleidingspatrone na vore tree. Grové gebruik Afrika-etniese elemente dus gelyktydig in melodieë en begeleiding.

Seksie 4 se melodiese inhoud is gebaseer op al die melodiese intervalle wat kenmerkend van Afrika-etniese musiek se melodieë is, naamlik die mineur sekunde, majeur sekunde, mineur tert, rein kwart en rein kwint. Hierdie melodiese intervalle kan soms gelyktydig in verskillende instrumente se partye aangetref word.

Ontwikkelings van die Afrika-motief kom weer in Seksie 5 se melodielyne voor en bewerkstellig dus weereens intervalle uit die pentatoniese toonleer en 'n dubbelsinnige tonaliteit. Daar is in Seksie 5 ook dalende rein kwarte in die melodielyne teenwoordig en verder kom nog 'n Afrika-etniese element, naamlik ostinaatpatrone, in sommige instrumente se partye voor.

Nadat die melodiese inhoud van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* ontleed is, kan daar gesien word dat Grové talle Afrika-etniese melodiese elemente aanwend en dat hy gereeld daarin slaag om verskeie Afrika-etniese elemente suksesvol te kombineer.

3.4 Ritme

Grové gebruik nie opvallende Afrika-etniese ritmiese aspekte in *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* nie. Ritmiese elemente wat duidelike ooreenkomste met dié van Afrika-etniese musiek toon, kom slegs enkele kere voor en die skrywer sal in die verskillende seksies se bespreking daarna verwys. ’n Moontlike rede hiervoor is dat Grové Afrika-etniese elemente op ’n onderbewuste manier gebruik (Zaidel-Rudolph aangehaal in Van Wyk 2000:9).

Een van die enkele ritmiese elemente in *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* wat aan dié van Afrika-etniese musiek kan herinner, is die ritmiese wysigings in die herhaling van ’n melodie. Herhaling in Afrika-etniese musiek geskied met konstante en verbeeldingryke variasie in strofiese vorm. Elke strofe verskil effens van die vorige een en die verskille word geïmproviseer (Ferreira 1995:23).

Verder is kort, ritmiese ostinaatpatrone is ’n tipiese Afrika-etniese element (Sisman 1999:600). Daar is reeds in afdeling 3.3 Melodie na melodiese ostinaatpatrone verwys; in hierdie afdeling sal daar ritmiese ostinaatpatrone aangedui word. ’n Ostinaatpatroon is dikwels ’n melodiese sowel as ’n ritmiese ostinaat.

Laastens kan ’n stamperige ritmiese effek aan ’n Afrika-etniese stam se dans herinner en só ’n ritmiese effek sal in hierdie afdeling as ’n Afrika-etniese element beskou word.

’n Ritmiese aspek van *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* wat wel breedvoerig bespreek sal word, is Grové se deurlopende gebruik van sekere motiewe om die werk as ’n eenheid saam te bind en samehang te bewerkstellig. Die skrywer voel dat dit belangrik is om hierdie aspek te bespreek, want die musiekwetenskaplike Mary Rörich (1987:80) beweer oor Grové: “What remains a central goal in all his composing, however, is the integration of form and content, the latter shaping the former.” Rörich word ook later deur Wolff en Stewart aangehaal (1988:34): “For Grové the essence of a musical composition is its organic wholeness [...]”


Die skrywer het in *Dansrapsodie – ’n Afrika-stad* ses motiewe geïdentifiseer wat deurlopend in verskillende instrumente se partye voorkom. Hierdie motiewe bind dus die afsonderlike seksies tot ’n eenheid saam (sien voorbeeld 3.42).

Voorbeeld 3.42: Ses ritmiese motiewe

a) Motief 1:




Motief 1 is die ritme wat aan die oorspronklike Afrika-motief (’n melodiese motief, sien afdeling 3.3 Melodie) toegeken is en kan in ’n a- en b-gedeelte verdeel word. Die b-gedeelte is ’n retrograad (of kreeftegang) van die a-gedeelte:



b) Motief 2:

soms



c) Motief 3:



d) Motief 4:



Motief 4 onderverdeel:




e) Motief 5 in saamgestelde tyd:



Motief 5 in enkelvoudige tyd:



f) Motief 6:



In die bespreking van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se ritmiese inhoud sal daar na die aanwending en ontwikkeling van bogenoemde ses motiewe verwys word.

Seksie 1: *Desolato e misterioso* (maat 1-28)

In hierdie seksie speel motief 1 en 2 deurgaans 'n belangrike rol ten opsigte van die ritmiese inhoud. Motief 1 tree in maat 3 in die tweede klarinet, eerste trompet en vibrafoon in (voorbeeld 3.43). Let op hoe die strykers motief 1 in sy a- en b-gedeelte verdeel, deurdat sommige eerste viole die a-gedeelte speel en sommige tweede viole die b-gedeelte. Die strykers se ritmiese materiaal in die *Desolato e misterioso*-seksie is hoofsaaklik op die motief se a-gedeelte gebaseer.

Die trioolmotief (motief 2) wat vanaf maat 1 in die snaartrom en bongo-tromme voorkom (ook in voorbeeld 3.43 aangedui), is deur *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se hele eerste seksie teenwoordig. Motief 2 kom tot in maat 28 in die bongo-tromme se party voor en dit is ook in ander instrumentpartye aanwesig: tot in maat 16 kom dit in die snaartrom se party voor, voordat die motief in maat 19 deur die harp oorgeneem word.

Voorbeeld 3.43: Motief 1 en 2, maat 1-3

Desolato e misterioso $\text{♩} = c.66$

The score is for a piece titled "Desolato e misterioso" with a tempo of $\text{♩} = c.66$. It features a 4/4 time signature that changes to 6/4 in the second measure. The instruments and their parts are:

- Clarinet B \flat 1 & 2:** Part 1 starts with a *p* dynamic, followed by a *pp* dynamic. Part 2 has a *p* dynamic. A box labeled "motief 1" spans measures 2 and 3.
- Trombone B \flat 1 & 2:** Part 1 uses a "straight mute" and has a *mp* dynamic. Part 2 has a "harmon mute" and a *mp* dynamic. A box labeled "motief 1" spans measures 2 and 3.
- Arpa:** Starts with a *f* dynamic. A box labeled "motief 1" spans measures 2 and 3.
- Vibra.:** A box labeled "motief 1" spans measures 2 and 3.
- Tamb. mil.:** Starts with "snare off" and a *p* dynamic. A box labeled "motief 2" spans measures 2 and 3.
- Bongos:** A box labeled "motief 2" spans measures 2 and 3.
- VI. I div.:** A box labeled "motief 1" spans measures 2 and 3.
- VI. II div.:** A box labeled "motief 1" spans measures 2 and 3.
- Vc.:** Starts with a *p* dynamic.

At the bottom left, there is a boxed number "1".

Terwyl motief 2 regdeur Sektie 1 in sy oorspronklike vorm gebruik word, hetsy as drie of as ses note (soos in voorbeeld 3.44 waargeneem kan word), word motief 1 op

verskeie maniere gewysig. Die volgende tabel dui die maatnommers en instrumente aan waarin motief 1 gewysig word en daar volg ook 'n beskrywing van die wysigings:

Maat	Instrumente	a-gedeelte	b-gedeelte	Voorbeeld
4 (begin)	Tweede klarinet, eerste trompet en vibrafoon	Word verkort: die laaste agstenoot word weggelaat	Word verkort: die laaste agstenoot word weggelaat	3.44
4 (einde) – 5 (begin)	Tweede klarinet en eerste trompet	Word verkort: die laaste agstenoot word weggelaat	Oorspronklike vorm	3.44
6	Tweede klarinet, eerste trompet en vibrafoon	Verskyn twee maal (nie opeenvolgend nie) in oorspronklike vorm	Word weggelaat	3.45
7	Tweede klarinet en eerste trompet	Oorspronklike vorm	In retrograad (rustekens verteenwoordig die gepunteerde kwartnoot)	3.45
22	Hobo, altsaxofoon en eerste trompet	Word vir die eerste maal met b-gedeelte omgeruil	Word vir die eerste maal met a-gedeelte omgeruil	3.46

Tabel 3.2: Wysies waarop motief 1 gewysig word

Vervolgens verskyn die drie voorbeelde (3.44, 3.45 en 3.46) wat die wysigings in tabel 3.2 illustreer.

Voorbeeld 3.44: Motief 1 gewysig en motief 2 in oorspronklike vorm, maat 4-5

Musical score for measures 4-5, featuring Cl., Trbe., Arpa., Vibr., Timb., and Bong. The score includes dynamic markings (pp, mp, mf, f) and articulation (accents, slurs). The Bong part is labeled 'motief 2'. A circled '4' is at the bottom left.

Voorbeeld 3.45: Wysiging van motief 1, maat 6-7

Musical score for measures 6-7, featuring Cl., Trbe., Arpa., and Vibr. The score includes dynamic markings (pp, mp, mf, f) and articulation (accents, slurs). The Arpa part includes the instruction 'with nail'. A circled '6' is at the bottom left.

Voorbeeld 3.46: Die a- en b-gedeelte word omgeruil, maat 22-23



Daar kom dus geen Afrika-etniese elemente met betrekking tot die ritme in Seksie 1 van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* voor nie. Grové gebruik twee ritmiese motiewe (motief 1 en motief 2) deurlopend en meestal gelyktydig in verskillende instrumentpartye.

Seksie 2: *Vivace* (maat 29-166)

Seksie 2 (*Vivace*) is verreweg die langste seksie in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en daarom kan dit as die hoofdeel van die werk beskou word. Seksie 2 bestaan uit 138 van die 205 mate en omdat dit so lank is, bestaan die verwagting dat sekere terugkerende materiaal 'n samebindende element daar sal stel. Die skrywer is van mening dat Grové as komponis beslis aan hierdie verwagting voldoen. Enkele ritmiese motiewe en hul ontwikkelings verleen eenheid aan hierdie seksie: die fanfare-agtige motief 3 (altdyd met 'n *forte*-, *fortissimo*- of *sforzando*-aanduiding) kom in maat 33-79 gereeld in verskillende instrumente se partye voor – óf in sy oorspronklike vorm, óf effens gewysig. Ná motief 3 se laaste duidelike intrede in

maat 76 is daar in maat 79 nog een verwysing na hierdie motief, maar daarna kom motiewe 4,5 en 6 afwisselend en soms gelyktydig in die oorblywende deel van Seksie 2 voor.

Vervolgens sal die skrywer al die intredes van motiewe 3-6 in Seksie 2 bespreek en met behulp van musiekvoorbeelde uitlig. Daar sal ook aangedui word wanneer die motiewe gewysig word.

Maat 33 kenmerk die eerste intrede van motief 3. Hierdie intrede (met 'n *sforzando*-aanduiding) kom in die tweede trompet voor (sien voorbeeld 3.47).

Voorbeeld 3.47: Eerste intrede van motief 3, maat 31-33



The image shows a musical score for three instruments: Cor (Cornet), Trb. (Trumpet), and Trbn (Trumpet). The score is for measures 31, 32, and 33. The key signature has one sharp (F#) and the time signature is 2/4. The Cor part starts with a *fp* dynamic. The Trb. part has a *fp* dynamic and a *harmon mute* marking. The Trbn part has a *mf* dynamic. Motif 3 is highlighted in a box in the Trb. part in measure 33, with the label 'motief 3' written above it. A box containing the number '31' is located at the bottom left of the score.

Die volgende voorbeeld (3.48) illustreer twee intredes van motief 3 in maat 35-38. In maat 35 tree motief 3 steeds in sy oorspronklike vorm (met die kenmerkende *forte*-en *sforzando*-aanduiding) in die fluit, hobo en klarinet in. Die eerste gewysigde intrede van motief 3 (ook met 'n *forte*-aanduiding) vind egter in maat 38 in die tweede trompet plaas. Die motief word as volg gewysig: die langste nootwaarde ('n gepunteerde kwartnoot) wat aanvanklik die laaste noot van die motief was, is nou die eerste noot. Grové wysig motief 3 dus deur die volgorde van die nootwaardes om te ruil en daar kan waargeneem word dat hy steeds 'n *forte*-aanduiding gebruik, al is motief 3 gewysig.

Voorbeeld 3.48: Motief 3 in oorspronklike en gewysigde vorm, maat 35-38

Handwritten musical score for measures 35-38. The score includes staves for Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), Clarinet in B-flat (Cl. b), Bassoon (Fag.), Cor (Cor.), and Trombone (Trbc). A box labeled "motief 3" highlights the first measure of the Flute part. The score features dynamic markings such as *f*, *mf*, *pp*, and *p*. Handwritten annotations include the number "4" and "5" with arrows pointing to specific notes in the Bassoon part.

35

Handwritten musical score for measures 37-38. The score includes staves for Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), Clarinet in B-flat (Cl. b), Bassoon (Fag.), Cor (Cor.), and Trombone (Trbc). The score features dynamic markings such as *mp*, *f*, *p*, and *sf*. Handwritten annotations include the number "4" and "3" with arrows pointing to notes in the Bassoon part, and the phrase "senza sord." above the Cor part.

37

Dertien mate verder (in maat 51-52) kom die volgende gewysigde intrede van motief 3 in die eerste en tweede trompet, sowel as die eerste en tweede viool voor: motief 3 se tweede noot word met 'n agstenoot-rusteken uitgestel (sien voorbeeld 3.49). In hierdie geval maak Grové dus van 'n rusteken gebruik om motief 3 te wysig. Weereens het motief 3 'n *forte*-dinamiekaanduiding.

Voorbeeld 3.49: Gewysigde motief 3, maat 51-53



The image shows a handwritten musical score for measures 51-53. The instruments listed are Cor. (Cornet), Trbce (Trumpet), Trbn (Trumpet), Arpa (Harp), Timp (Timpani), C.r. (Cymbal), Gr.c. (Gong), VI. I (Violin I), and VI. II (Violin II). The score includes various musical notations such as notes, rests, and dynamic markings (f, p, mf, ff). A boxed measure number '51' is visible at the bottom left of the score.

Daarna kom motief 3 in maat 55-56 weer in sy oorspronklike vorm voor. Dit verskyn met 'n *fortissimo*-aanduiding in die eerste trompet en houtblaasinstrumente soos die fluit, hobo en fagot (sien voorbeeld 3.50). Motief 3 se intredes wissel dus tussen intredes van die motief in sy oorspronklike vorm en die motief in 'n gewysigde vorm.

Voorbeeld 3.50: Motief 3 in oorspronklike vorm, maat 55-56



The image shows a handwritten musical score for measures 55 and 56. The score is for a woodwind and brass ensemble. The instruments listed on the left are Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), Bass Clarinet (Cl.b), Bassoon (Fag.), Horn (Cor.), Trumpet (Tuba), and Trombone (2b). The key signature is one flat (B-flat major/D minor). The time signature is 3/4. The score is written in a single system. The first measure (55) contains the original form of Motief 3, which is a four-note motif: G4 (quarter), A4 (quarter), B4 (quarter), and C5 (quarter). This motif is repeated in various instruments, with some variations in articulation and dynamics. The second measure (56) continues the motif, with some instruments playing it in a different register or with different articulation. The score is annotated with 'motief 3' and 'p.' (piano) in several places. A box around the number '55' is at the bottom left.

In maat 71 word motief 3 in die fluit, hobo, klarinet, tweede Franse horing, eerste trompet, eerste en tweede viool en altviool só gewysig: die kwartnoot wat oorspronklik die eerste noot van die motief was, word geskuif sodat dit nou die laaste noot van die motief is (sien voorbeeld 3.51). Grové ruil dus die nootwaardes om om motief 3 te wysig. Twee mate later, in maat 73, verskyn motief 3 weer in sy oorspronklike vorm in die basklarinet, fagot, kontrafagot en kontrabas (ook in voorbeeld 3.51 aangedui). Motief 3 se intredes in oorspronklike en gewysigde vorm word dus steeds afgewissel. By albei bogenoemde intredes kom *forte*- of *fortissimo*-dinamiekaanduidings voor.

Voorbeeld 3.51: Gewysigde en oorspronklike intrede van motief 3, maat 71-73

The image shows a handwritten musical score for measures 71-73. The score is arranged in systems for various instruments. The instruments listed on the left are: Fl. (Flute), Ob. (Oboe), Cl. (Clarinet), Cl.b. (Bass Clarinet), Fag. (Bassoon), Cont. fag. (Contrabassoon), Cor. (Cor Anglais), Trbn. (Trumpet), Trbn. (Trombone), Cr. (Cymbal), Gong, VI. I (Violin I), VI. II (Violin II), Va. (Viola), Vc. (Violoncello), and Cb. (Contrabass). The score includes dynamic markings such as *ff* and *p*. There are handwritten annotations: '5 p.' and '4 p.' are written below the first and second systems respectively. A box highlights a specific musical phrase in the Clarinet part, with the text 'oorspronklike motief 3' written above it. Another box highlights a phrase in the Contrabass part, also with the text 'oorspronklike motief 3' written above it. The number '71' is written in a box at the bottom left of the page.

Motief 3 se laaste opvallende intrede (as gevolg van die instrumentasie) in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* vind in maat 76 plaas. Al die houtblaas- en



strykerspartye kondig hierdie intrede aan (sien voorbeeld 3.52) en direk daarna, steeds in maat 76, word motief 3 vir die eerste keer in retrograad (kreeftegang) gebruik. Die retrograad kom in die eerste en tweede fluit, basklarinet, fagot, kontrafagot, tenoortrom en strykers voor en in die oorspronklike motief sowel as die retrograad kom daar *sforzando*-aanduidings voor. Grové wissel dus steeds motief 3 se intredes tussen 'n intrede van die oorspronklike motief 3 en 'n intrede van die gewysigde motief 3 af en dit is die eerste keer dat hy motief 3 se retrograad gebruik om die motief te wysig.

Voorbeeld 3.52: Motief 3 in oorspronklike vorm en retrograad, maat 76

motief 3



76

In maat 77 tree 'n nuwe ritmiese effek (motief 4) in die eerste en tweede fluit, eerste en tweede trompet, harp en tjello in: twee (of drie) gepunteerde halfnote wat in sommige partye in vier (of ses) gepunteerde kwartnote verdeel word. Dit skep die



effek van 'n dreungeluid. Voorbeeld 3.53 illustreer motief 4 se eerste intrede, asook die laaste verwysing na motief 3 wat in maat 79 in die fagot voorkom. Terselfdertyd kom motief 3 se retrograad in die eerste trompet voor. Die skrywer vind dit interessant dat Grové tydens motief 3 se laaste intrede die motief gelyktydig in sy oorspronklike vorm (fagot) en 'n gewysigde vorm (eerste trompet) gebruik.



Voorbeeld 3.53: Motief 4 se eerste intrede en die laaste verwysing na motief 3, maat 77-79

The musical score for Example 3.53, measures 77-79, is a complex orchestral passage. It features the following parts and markings:

- Picc:** Piccolo part, starting with a forte (*f*) dynamic.
- Fl.:** Flute part, featuring 'motief 4' with a forte (*f*) dynamic.
- Cl.:** Clarinet part, starting with a piano (*p*) dynamic.
- Fag.:** Bassoon part, featuring 'motief 3' with a mezzo-forte (*mf*) dynamic.
- Cor.:** Cor Anglais part, featuring 'motief 4 (onderverdeed)' with a piano (*p*) dynamic.
- Trbe:** Trumpet part, featuring 'motief 4 (onderverdeed)' with a piano (*p*) dynamic.
- Trbn:** Trombone part, featuring 'motief 4 (onderverdeed)' with a piano (*p*) dynamic.
- Arpa:** Arpa part, featuring 'motief 4 (onderverdeed)' with a mezzo-forte (*mf*) dynamic.
- Va.:** Violin part, featuring 'motief 4' with a piano (*p*) dynamic.
- Vc.:** Viola part, featuring 'motief 4' with a piano (*p*) dynamic.
- Cb.:** Cello part, featuring 'motief 4' with a piano (*p*) dynamic.

Tempo changes are indicated by the numbers 4, 6, and 5, with corresponding dynamic markings of *p*. The score also includes various musical notations such as accents, slurs, and articulation marks.

Motief 4 kom tot en met maat 163 verskeie kere voor (en dit word elke keer deur 'n ander kombinasie van instrumente gestel). Byna al motief 4 se intredes word deur intredes van motiewe 5 en 6, ook in verskillende instrumentkombinasies, afgewissel.

Die skrywer sal vervolgens die oorblywende intredes van motief 4, asook al die intredes van motiewe 5 en 6 lys. Nie elke intrede sal met 'n musiekvoorbeeld gepaardgaan nie, want, anders as in die geval van motief 3, word motiewe 4 en 5 nooit gewysig nie. Motief 6 word wel soms gewysig. Dus sal slegs motief 5 en motief 6 se eerste intredes, asook die eerste gewysigde intrede van motief 6, deur middel van musiekvoorbeelde aangedui word.

Maat	Motief wat intree	Instrumente
80	4	Eerste fluit, klarinet, fagot, eerste en tweede trompet, eerste skuifrompet, harp en tjello
82	4	Eerste fluit, eerste en tweede klarinet, basklarinet, fagot, eerste en tweede Franse horing, eerste en tweede trompet, eerste skuifrompet, harp, pouke en guiro
83	5 (sien voorbeeld 3.54)	Piccolo en klarinet
84	6 (sien voorbeeld 3.54)	Eerste fluit

Tabel 3.3: Motiewe 4, 5 en 6 se intredes tot en met maat 84

Die tabel word eers onderbreek sodat motief 5 en motief 6 se eerste intredes (soos in tabel 3.3 gelys) in die volgende musiekvoorbeeld (voorbeeld 3.54) geïllustreer kan word.

Voorbeeld 3.54: Motief 5 en motief 6 se eerste intredes, maat 82-84



The musical score is handwritten and spans measures 82 to 84. It features the following parts and markings:

- Picc.**: Piccolo part, starting with a forte (*f*) dynamic.
- Fl.**: Flute part, featuring **motief 5** and **motief 6** highlighted in boxes. Dynamics include *f* and *mf*.
- Cl.**: Clarinet part, with dynamics *mf* and *f*.
- Cl. b.**: Clarinet in B-flat part, with dynamics *p* and *pp*.
- Fag.**: Bassoon part, with dynamics *pp* and *p*.
- Cor.**: Cor Anglais part, with dynamics *mp*, *pp*, and *mf*.
- Trbe**: Trumpet part, with dynamics *p* and *mp*.
- Trom**: Trombone part, with dynamics *mp* and *p*.
- Arpa**: Harp part, with dynamics *p* and *pp*.
- Timp**: Timpani part, with dynamics *p* and *pp*.
- Guiro**: Guiro part, with dynamics *p* and *pp*.

Handwritten annotations include the numbers **4** and **5** with a *p.* dynamic, indicating specific phrasing or accents. A boxed measure number **82** is located at the bottom left of the page.

In die volgende tabel (3.4) word verdere intredes van motiewe 4, 5 en 6 gelys – dit is die intredes wat ná maat 84 (in die vorige voorbeeld) plaasvind.




Maat	Motief	Instrumente
85	4	Basklarinet, eerste en tweede Franse horing, eerste en tweede skuiftrumpet, harp, pouke, guiro en kontrabas
86	6	Fluit en eerste trompet
88	6 (ritmies vergroot, sien voorbeeld 3.55)	Cor anglais en tweede trompet

Tabel 3.4: Motiewe 4, 5 en 6 se intredes tot en met maat 88

Die tabel word weereens onderbreek sodat motief 6 wat ritmies vergroot is (soos in tabel 3.4 gelys) in die volgende musiekvoorbeeld (3.55) waargeneem kan word.

Voorbeeld 3.55: Motief 6 ritmies vergroot, maat 87-88



87

Motiewe 4, 5 en 6 se intredes wat ná maat 88 (in die vorige voorbeeld) voorkom, word in die volgende tabel (3.5) genoem.

Maat	Motief	Instrumente
90	4	Fluit, basklarinet, eerste en tweede skuiftrompet, harp, pouke en guiro




91	6	Cor anglais en eerste trompet
94-95	6 (ritmies vergroot, op dieselfde wyse as in voorbeeld 3.55)	Piccolo, eerste en tweede fluit, hobo en klarinet
98	4	Eerste fluit, eerste en tweede skuifrompet en tjello
99	6	Cor anglais, eerste fagot en tweede trompet
102	6	Cor anglais, fagot en tweede trompet
105	4	Basklarinet, eerste en tweede skuifrompet, harp, pouke, guiro en tjello
106	5	Fluit en klarinet
115-116	5	Fluit, hobo, klarinet, marimba en altviool
117	4	Klarinet, basklarinet, eerste en tweede fagot, eerste, tweede en derde skuifrompet, aambeeld, bastrom en strykers
118-119	6 (ritmies vergroot, op dieselfde wyse as in voorbeeld 3.55)	Eerste trompet
120	4	Klarinet, basklarinet, eerste en tweede fagot, eerste, tweede, derde en vierde Franse horing, eerste, tweede en derde skuifrompet, aambeeld, bastrom en strykers
122-123	6 (ritmies vergroot, op dieselfde wyse as in voorbeeld 3.55)	Eerste trompet

126	5	Piccolo, klarinet, fagot en vibrafoon
158-159	4	Basklarinet, eerste en derde Franse horing, harp en kontrabas
162-163	4	Basklarinet, eerste, tweede en derde Franse horing, harp, guiro, tweede viool en kontrabas

Tabel 3.5: Motiewe 4, 5 en 6 se intredes tot en met maat 163

Uit die voorafgaande drie tabelle (3.3, 3.4 en 3.5) kan dus afgelei word dat motiewe 4, 5 en 6 *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se ritmiese inhoud in maat 77-163 oorheers. Motiewe 4, 5 en 6 tree afwisselend in. Van hierdie drie motiewe word slegs motief 6 soms gewysig en die enigste wysiging wat op motief 6 toegepas word, is ritmiese vergroting. Die skrywer vind dit interessant dat, met die uitsondering van drie afsonderlike mate, die mate waarin motiewe 4, 5 of 6 verskyn se tydmaattekens ook die syfers 4, 5 of 6 bevat, naamlik:

4; 5; 6.


3


kom net voor wanneer motief 6 ritmies vergroot word.

Sien die volgende tabel ter illustrasie:

Maat	77-78	80	82	83	84	85	86
Motief	4	4	4	5	6	4	6
Metrum	4; 6 ♩ ♩	6 ♩	6 ♩	4 ♩	5 ♩	5 ♩	5 ♩

Maat	88	90	91	94-95	98	99	102
Motief	6 (ver groot)	4	6	6 (ver groot)	4	6	6
Metrum	3 ♩	8 ♩	4 ♩	4; 3 ♩ ♩	6 ♩	5 ♩	5 ♩

Maat	105	106	115- 116	117	118-119	120	122-123
Motief	4	5	5	4	6 (ver groot)	4	6 (ver groot)
Metrum	8 ♩	4 ♩	4; 5 ♩ ♩	7 ♩	3 ♩	4 ♩	3 ♩

Maat	126	158- 159	162- 163
Motief	5	4	4
Metrum	5 ♩	4 ♩	4 ♩

Tabel 3.6: Motiewe 4, 5 en 6 en die tydmaattekens wat in maat 77-163 gebruik word.

Nieteenstaande Grové se oorheersende gebruik van sekere ritmiese motiewe, kom daar wel enkele Afrika-etniese ritmiese elemente in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* voor. 'n Ritmiese element in Seksie 2 wat aan Afrika-etnisiteit herinner, is die strykers se ritme in maat 45-47. Volgens Wolff en Stewart (1988:40) skep dit 'n sterk, stamperige ritmiese effek. Dit kan dus 'n dans van 'n Afrika-etniese stam suggereer. In voorbeeld 3.56 kan dié stamperige, geaksentueerde ritme in die strykers waargeneem word.

Voorbeeld 3.56: Stamperige ritmiese effek, maat 45-47



The musical score for measures 45-47 shows a staccato effect across several instruments. The staves are labeled VI. I, VI. II, Va., Vc., and Cb. The VI. I staff has circled notes with 'stacc.' markings. The Vc. staff has notes with 'stacc.' markings and a 'pizz.' marking. The Cb. staff has notes with 'stacc.' markings. A box containing the number '45' is positioned below the first measure.

'n Verdere Afrika-etniese ritmiese element wat in Seksie 2 voorkom is ostinaatpatrone, wat duidelik in die volgende mate waargeneem kan word: maat 35-37 (fluit, hobo en klarinet), maat 45-47 (piccolo, hobo en eerste fagot), maat 52-55 (piccolo, fluit, eerste hobo en klarinet), maat 57-59 (eerste en tweede viool), maat 68-70 (tjello en kontrabas), maat 126-139 (fluit), maat 134-139 (tweede trompet en marimba) en maat 151-157 (basklarinet, eerste viool en altviool). Al die ostinaatpatrone is soortgelyk aan mekaar en daarom sluit die skrywer slegs een voorbeeld ter illustrasie in (voorbeeld 3.57).

Voorbeeld 3.57: Ostinaatpatroon, maat 68-70



The musical score for measures 68-70 shows an ostinato pattern for the Vc. and Cb. staves. The Vc. staff is marked 'arco' and the Cb. staff has notes with 'stacc.' markings. A box containing the number '68' is positioned below the first measure.

Ostinaatpatrone is dus 'n opvallende Afrika-etniese element in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se ritme.

Nog 'n kenmerk van Afrika-etniese musiek is 'n ritmiese patroon wat gevarieerd herhaal word (Ferreira 1995:23).

In maat 129 begin 'n nuwe melodielyn met 'n oorspronklike ritme in die piccolo en fagot. Hierdie melodielyn, waarvan die ritme in daaropvolgende intredes gewysig word, word in voorbeeld 3.58 aangedui.

Voorbeeld 3.58: Melodielyn waarvan ritme later gewysig word, maat 126-133




'n Herhaling van die oorspronklike melodie in die vorige voorbeeld begin in maat 135 in die piccolo, eerste fluit, klarinet en fagot (in voorbeeld 3.59 aangedui). Klein ritmiese wysigings van die oorspronklike ritme kom in maat 135 en 137 voor.

Voorbeeld 3.59: Ritmiese wysigings, maat 135-139 (vergelyk melodielyn met voorbeeld 3.58)



Musical score for measures 135-139. The score includes parts for Piccolo (Picc.), Flute (Fl. 1 and 2), Clarinet (Cl.), and Bassoon (Fag.). Measure 135 is highlighted with a box. The Piccolo part has a box around a specific rhythmic figure. The Flute 1 part has a dynamic marking 'f'. The Clarinet part has a dynamic marking 'mf'.



Musical score for measures 138-139. The score includes parts for Piccolo (Picc.), Flute (Fl. 1 and 2), Clarinet (Cl.), and Bassoon (Fag.). Measure 138 is highlighted with a box.

In maat 146 verskyn hierdie betrokke melodie weer in die piccolo, fagot en glockenspiet. Al die ritmiese wysigings wat plaasvind, kan in voorbeeld 3.60 waargeneem word.

Voorbeeld 3.60: Verdere ritmiese wysigings, maat 146-150

Musical score for measures 146-150. The score includes staves for Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Clarinet (Cl.), Bassoon (Fag.), Arpa (Arpa), Marimba (Marim), and Glockenspiel (Glock). The Piccolo part features several rhythmic patterns highlighted with boxes. The Glockenspiel part includes dynamic markings *mf* and *mf*. A box labeled "146" is positioned below the first measure.

Musical score for measures 150-151. The score includes staves for Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Clarinet (Cl.), Clarinet in B-flat (Cl. b.), Bassoon (Fag.), Arpa (Arpa), Marimba (Marim), and Glockenspiel (Glock). The Piccolo part features a rhythmic pattern highlighted with a box. The Arpa part includes dynamic markings *b* and *b*. A box labeled "150" is positioned below the first measure.

Ná die intrede in die vorige voorbeeld (3.60) begin die melodie se ritmiese patroon al korter word. Slegs die eerste fragment van hierdie ritmiese patroon verskyn in maat 160-161 in die piccolo, fluit, hobo en klarinet (sien voorbeeld 3.61 ter illustrasie).

Voorbeeld 3.61: Ritmiese patroon word verkort, maat 160-161



Musical score for measures 160-161, featuring Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Oboe (Ob.), and Clarinet (Cl.). The score shows a rhythmic pattern in measure 160, which is then shortened in measure 161. The Piccolo part is marked with a box around measure 160. The Flute, Oboe, and Clarinet parts all play the same rhythmic pattern in measure 160, which is then shortened in measure 161. The Piccolo part is marked with a box around measure 160.

In maat 164 word slegs die openingsmotief van die betrokke ritmiese patroon vir die laaste keer in die eerste viool aangetref:

Voorbeeld 3.62: Ritmiese patroon se openingsmotief, maat 163-164



Musical score for measures 163-164, featuring Violin I (VI. I), Violin II (VI. II), Viola (Va.), Violoncello (Vc.), and Contrabasso (Cb.). The score shows the opening motif of the rhythmic pattern in measure 163, which is then shortened in measure 164. The Violin I part is marked with a box around measure 163. The Violin II, Viola, Violoncello, and Contrabasso parts all play the same rhythmic pattern in measure 163, which is then shortened in measure 164. The Violin I part is marked with a box around measure 163.

Nadat Seksie 2 se ritmiese inhoud ontleed is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar wel sekere Afrika-etniese elemente voorkom, alhoewel dit nie oorheersend is nie. Afrika-etniese elemente wat in Seksie 2 aangetref word, is 'n stamperige

ritmiese effek, ostinaatpatrone en die ritmiese wysigings in 'n melodie wat herhaal word. Wat egter van groter belang is, is die feit dat Grové motiewe 3-6 deurlopend gebruik om 'n eenheidsgevoel in Seksie 2 te bewerkstellig. Motief 4 en motief 5 kom slegs in hul oorspronklike vorme voor, terwyl motief 3 en motief 6 dikwels gewysig word: motief 3 word gewysig deur die nootwaardes se volgorde om te ruil, rustekens in te voeg of die motief se retrograad te gebruik; motief 6 word gewysig deur ritmiese vergroting.

Seksie 3: *Molto energico* (maat 167-186)

Hierdie seksie word gekenmerk deur die konstante agstenootritme wat in die strykers begin (sien voorbeeld 3.63) en later ook in sekere houtblaas- en koperblaasinstrumente voorkom. Seksie 3 skakel by *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se groter geheel in deur middel van motief 5 en motief 6 se intredes. Motief 5 kom reeds in die eerste mate van hierdie seksie in die fluit en hobo voor (ook in voorbeeld 3.63 aangedui).

Voorbeeld 3.63: Agstenootritme en motief 5, maat 167-169

Molto energico ♩ = 116



167

Die ritmiese patroon van agstenote wat in die vorige musiekvoorbeeld (3.63) in die strykers se partye voorkom, word later na sekere houtblaasinstrumente uitgebrei. In maat 171 tree so 'n agstenootpatroon in die hobo, cor anglais, en eerste en tweede trompet in (voorbeeld 3.64). Daar is in maat 173 'n verskyning van motief 6 in die hobo en eerste en tweede trompet.

Voorbeeld 3.64: Agstenootritme en motief 6, maat 171-173



The musical score is arranged in systems. The first system includes Oboe (Ob.), Cor Anglais (C.A.), Bassoon (Fag.), and Contrabassoon (C.fag.). The second system includes Trumpets 1 and 2 (Trbe 1 and 2), with 'straight mute' and 'Harmon mute' markings. The third system includes Violin I (VI.I), Violin II (VI.II), Viola (Va.), Violoncello (Ve.), and Contrabass (Cb.). The score shows a change in meter from 3/4 to 4/4 between measures 171 and 172. A specific motif, 'motief 6', is boxed in the Oboe and Trumpet parts. Dynamics include *mf*, *p*, and *f*. A rehearsal mark '171' is present at the bottom of the page.

Vanaf maat 175 hou die kontrabas steeds die agstenootritme vol (die eerste agstenoot van elke maat word egter deur 'n rusteken vervang) en motief 5 verskyn in

die harp se party (sien voorbeeld 3.65). Die agstenootritme word in maat 176 tot triole uitgebrei in die piccolo, fluit, klarinet en tweede trompet.

Voorbeeld 3.65: Agstenootritme word tot triole uitgebrei, maat 175-177



The musical score is handwritten and spans measures 175, 176, and 177. It features the following parts and markings:

- Picc:** Piccolo part, starting with a dynamic of *p* and changing to *mf*. It features triplet markings over eighth notes.
- Fl 1 & 2:** Flute parts, also starting with *p* and changing to *mf*. They mirror the triplet patterns of the piccolo.
- Cl.:** Clarinet part, starting with *p* and changing to *f*. It includes a key signature change to two flats.
- Cor:** Horn part, marked *p* and *senza sord.* (without mutes).
- Toba 2:** Trumpet 2 part, starting with *p* and changing to *f*. It includes the label "motief 5" and a diagram of a five-note motif.
- Arpa:** Harp part, starting with *mf*. It includes chord diagrams and labels "motief 5" and "B7 E7 G# C# A#".
- Crotales:** Cymbals part, marked *mf*.
- Timp:** Timpani part, marked *p*. It shows a change in rhythm from 3/4 to 4/4.
- VI. I & II:** Violin parts, starting with *p* and *div.* (divisi).
- Va.:** Viola part, marked *p*.
- Vc.:** Violoncello part, marked *p*.
- Cb.:** Contrabasso part, marked *mf*.

Measure numbers 175, 176, and 177 are indicated at the bottom of the score.

In maat 179-181 word die agstenootritme tussen verskillende partye verdeel (sien ook afdeling 3.2 Struktuur). Die fagot, kontrafagot, vier Franse horings en drie skuiftrumpette speel in elke maat die eerste gedeelte van die ritmiese patroon, terwyl die strykers die laaste gedeelte daarvan speel (sien voorbeeld 3.66). Motief 5 is steeds teenwoordig en verskyn nou in die pouke.

Voorbeeld 3.66: Verdeling van agstenootritme, maat 179-181



The musical score illustrates the division of an 8-measure rhythm across measures 179, 180, and 181. The woodwind section (Fagot, Kontrafagot, Corni, Trompete, Trombone, and Timpani) plays the first four measures of the 8-measure pattern, labeled 'eerste deel' (first part). The string section (Violins I & II, Viola, Violoncello, and Contrabasso) plays the last four measures, labeled 'laaste deel' (last part). The 8-measure rhythm is marked with a '5/4' time signature. Motief 5 is highlighted in the Timpani part, appearing in measures 179 and 181. The score includes dynamic markings such as *f*, *ff*, and *arco*.

Dit is dus duidelik dat daar in Seksie 3 geen Afrika-etniese elemente in die ritmiese inhoud voorkom nie. Seksie 3 word deur 'n ononderbroke agstenootritme oorheers en sluit by die res van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* aan deur middel van motief 5 en motief 6 se intredes. Hierdie twee motiewe word in hul oorspronklike vorme gebruik.

Seksie 4: *Con moto* (maat 187-197)

Hierdie seksie se ritmiese inhoud stem baie met Seksie 3 s'n ooreen. Die sterk ritmiese patroon van agstenote word ononderbroke deur die strykers volgehou. Motief 5 is egter baie meer prominent as in die vorige seksie. In Seksie 3 het motief 5 slegs in enkele mate in een of twee instrumentpartye voorgekom, maar in Seksie 4 kom dit in byna elke maat voor waar dit deur 'n groep houtblaasinstrumente gespeel word. Voorbeeld 3.67 illustreer die openingsmate van Seksie 4. Die oorblywende mate van die seksie is soortgelyk aan dié in die voorbeeld, slegs die instrumentasie word uitgebrei.

Voorbeeld 3.67: Openingsmate van Seksie 4, maat 187-188



Net soos in die vorige seksie (Seksie 3), kom daar dus geen Afrika-etniese elemente in Seksie 4 se ritmiese inhoud voor nie. Die agstenootritme wat in Seksie 3 begin het, word in hierdie seksie volgehou en motief 5 dien as 'n skakel met die res van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se ritmiese inhoud.

Seksie 5: Tempo 1 (maat 198-205)

Seksie 5 is die slotgedeelte van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en daar word na die stadige aanvangstempo teruggekeer. 'n Samesmelting van sommige van die ritmiese motiewe kom hier voor en motief 1 se a-gedeelte is weer oorheersend. Die fagot,

pouke, tjello en kontrabas begin in maat 198 met die agstenootpatroon uit Seksie 3 (*Molto energico*) en Seksie 4 (*Con moto*), maar aan die einde van maat 198 lei die oorgebinde note daartoe dat hierdie agstenootpatroon na die a-gedeelte van motief 1 verander (sien voorbeeld 3.68).

Voorbeeld 3.68: a-gedeelte van motief 1, maat 198-200



The image shows a handwritten musical score for measures 198-200. The score is arranged in a multi-staff format. The instruments and their parts are as follows:

- Fag. (Flute):** Two staves, both playing a melodic line with accents. Brackets labeled 'a' are placed above the first and second measures.
- Cont. fag. (Contraflute):** One staff, playing a similar melodic line to the flute.
- Cor. (Cor Anglais):** Two staves, playing a rhythmic accompaniment with dynamics like *f* and *ff*.
- Trbe (Trumpet):** Two staves, playing a melodic line with dynamics like *p* and *mf*.
- Trbn (Trumpet):** Two staves, playing a rhythmic accompaniment with dynamics like *f* and *ff*.
- Tempo 1^o ♩ = 66:** Indicated below the trumpet parts, with large '4' and '5' symbols indicating the meter change from 4/4 to 5/4.
- Arpas (Arpa):** One staff, playing a chordal accompaniment with notes G⁴ and A^b.
- Timp (Timpani):** One staff, playing a rhythmic pattern with dynamics like *mp* and *mf*.
- Vibr. (Vibraphone):** One staff, playing a rhythmic pattern with dynamics like *mf* and *mp*.
- Tamb. (Tambourine):** One staff, playing a rhythmic pattern with dynamics like *mp* and *mp 3*.
- Bongos:** One staff, playing a rhythmic pattern with dynamics like *mp 3*.
- Vc. (Violin):** One staff, playing a melodic line with dynamics like *p* and *f*.
- Cb. (Cello):** One staff, playing a melodic line with dynamics like *p* and *f*.

The score is marked with a box containing the number '198' at the bottom left. Brackets labeled 'a' are placed above the first and second measures of the flute and contraflute parts, and below the violin and cello parts.

Motief 2, wat in die openingseksie in die snaartrom en bongo-tromme verskyn het, verskyn weer in hierdie twee instrumente se partye (sien voorbeeld 3.69).

Voorbeeld 3.69: Motief 2, maat 198-200



Die twee ritmiese motiewe wat Grové dus in die slotgedeelte van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* gebruik, is motief 1 en motief 2. Hierdie twee motiewe kom gewoonlik gelyktydig voor en is tot aan die einde van die werk aanwesig.

Samevatting

Uit hierdie afdeling van die hoofstuk kan afgelei word dat Grové nie opvallende Afrika-etniese elemente in die ritmiese aspek van die werk gebruik nie, maar hy gebruik egter ses terugkerende ritmiese motiewe om eenheid in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* te bewerkstellig. In Seksie 1 word motief 1 en motief 2 gebruik. Motief 1 word op verskeie maniere gewysig en kom hoofsaaklik saam met motief 2 (in 'n ander instrumentparty) voor.

Seksie 2 word aanvanklik deur motief 3 oorheers – die motief word in sy oorspronklike vorm en in gewysigde vorme geïmplementeer. Motief 4 se eerste intrede kom op ongeveer dieselfde plek as motief 3 se laaste intrede voor en daarna tree motief 4, motief 5 en motief 6 herhaaldelik in. Motief 4 en motief 5 word nooit gewysig nie; motief 6 word soms, deur middel van ritmiese vergroting, gewysig.

In Seksie 3 word motief 5 en motief 6 (in hul oorspronklike vorme) as terugkerende motiewe gebruik en in Seksie 4 word slegs motief 5 (weereens in sy oorspronklike vorm) vir dié doel gebruik.

In *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se slotgedeelte word dieselfde ritmiese motiewe gebruik wat in die werk se eerste seksie gebruik is, naamlik motief 1 en motief 2. Veral motief 1 se a-gedeelte kom dikwels voor en verskyn (in 'n ander instrumentparty) saam met motief 2.

Die enkele ritmiese aspekte in hierdie komposisie wat wel aan Afrika-etniese musiek herinner en wat geen verband met die ses ritmiese motiewe hou nie, kom in Seksie 2 voor. Dit sluit in die stamperige, ritmiese effek in maat 45-47, ostinaatpatrone en ritmiese wysigings in die herhaling van 'n melodie.

Die volgende afdeling (3.5) ontleed die instrumentasie wat Grové in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* aanwend om sodoende vas te stel watter rol dit ten opsigte van Afrika-etniese elemente speel.

3.5 Instrumentasie

Dansrapsodie – 'n Afrika-stad is 'n orkeswerk waarin die volgende instrumente gebruik word: piccolo, twee fluite, twee hobo's, cor anglais, twee klarinette in B-mol, basklarinet, altsaxofoon, drie fagotte, kontrafagot, vier Franse horings in F, vier trompette in B-mol, drie skuiftrumpette, pouke, perkussie-instrumente (aambeeld, bastrom, bongo-tromme, vingersimbale, glockenspiël, ghong, guiro, marakkas, marimba, snaartrom, tamboeryn, tenoortrom, driehoek, vibrafoon, houtblok), harp en strykers.

Twee van die instrumente wat in die vorige paragraaf genoem is, is toevoegings wat die skrywer self tot Walton (2006b:99) se lys van instrumente gemaak het, naamlik een altsaxofoon en marakkas. Nog 'n wysiging wat die skrywer tot die instrumentelys gemaak het, is om drie fagotte in plaas van een te lys. Hierdie instrumente is foutiewelik uit Walton (2006b:99) se lys weggelaat en dit kom op die volgende plekke in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* voor: die altsaxofoon word in die eerste seksie (*Desolato e misterioso*) van maat 14-27 gebruik; die marakkas speel saam met die aambeeld in maat 117 en maat 120 in die *Vivace*-seksie; en die skrywer maak die afleiding dat drie fagotte benodig word, want in maat 25 en maat 44 verdeel die fagotparty in drie stemme en in verskeie ander mate verdeel dit in twee stemme.

Grové gebruik in hierdie werk twee instrumente met 'n Afrika-etniese oorsprong, naamlik die bongo-tromme en marimba. Bongo-tromme sorteer, soos alle tromme, onder die instrumentgroep membranofone. Tromme is van die belangrikste instrumente in die gebruiksmusiek van Afrika (Ferreira 1995:19) en kan in verskillende posisies bespeel word: dit kan op die grond staan, onder 'n speler se arm gehou word, of van 'n belt om die speler se nek hang. 'n Gemeenskap kan verskillende soorte tromme besit, elk vir 'n besondere geleentheid (Nettl 1999:20). So het die Yoruba-stam van Nigerië byvoorbeeld verskillende tromme vir die aanbiddingsrituele van individuele gode. Die bongo-tromme het 'n Afro-Kubaanse oorsprong (Randel 1999:470).

Wat die marimba betref, is xilofone van die belangrikste melodiese idiofone en dit kom in 'n verskeidenheid vorme en groottes voor. Marimbas, met kalbas-resonators onder die individuele stawe, is oorspronklik van Afrika afkomstig (Randel 1999:470) en dit word steeds volop in Afrika gevind (Nettl 1999:20).

Alhoewel die lys instrumente in die eerste paragraaf van hierdie afdeling hoofsaaklik 'n Westerse orkesbesetting is, wend Grové sommige van hierdie Westerse instrumente op 'n spesifieke manier aan om Afrika-etniese elemente uit te lig. In 'n heksatoniese melodie in Seksie 2 word die piccolo gebruik om 'n Afrika-etniese klankkleur daar te stel. In Afrika-etniese musiek val fluite in die instrumentgroep aerofone. Fluite sonder gaatjies vir die vingers word in hoketus-styl gespeel of dit word in sekere kulture in Oos-Afrika aan mekaar vasgebind as 'n panfluit (Nettl 1999:22). Die gebruik van die piccolo kan dus 'n Afrika-etniese fluit se klank suggereer.

Die roep-en-antwoord-idee in Seksie 3 en 4 word bewerkstellig deurdat Grové die “roep”-gedeelte aan 'n groep strykers toeken en die “antwoord”-gedeelte aan 'n groep blasers, of andersom.

Vervolgens sal die instrumentasie in elke seksie bespreek word en die motiewe waarna verwys word, word dieselfde as in afdeling 3.4 Ritme genommer.

Seksie 1: *Desolato e misterioso* (maat 1-28)

Omdat die bongo-tromme met Afrika-musiek geassosieer word, het die aanwending daarvan in die openingsmate van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* onmiddellik 'n Afrika-etniese kleur tot gevolg. Motief 2 word regdeur hierdie seksie deur die bongo-tromme en snaartrom gestel (sien voorbeeld 3.70). Soos in die voorbeeld waargeneem kan word, is die opening van die werk baie yl georkestreer en die bongo-tromme se Afrika-klank staan dus uit. Hoewel verskeie instrumente ná hierdie drie mate opeenvolgend intree, bly die klankkleur vir die eerste sestien mate hoofsaaklik dieselfde.

Voorbeeld 3.70: Bongo-tromme en snaartrom speel motief 2, maat 1-3

Desolato e misterioso $\text{♩} = c.66$



1
Clarinet B \flat 2
1
Trombe B \flat 2
Arpa
Vibra.
Tamb. mil.
Bongos
VI. I div.
VI. II div.
Va.
Vc.

Desolato e misterioso $\text{♩} = c.66$

1

Die eerste opvallende verandering van timbre kom in maat 17 voor (voorbeeld 3.71) wanneer die Franse horings (vierstemmig) en skuiftrumpette (driestemmig) vir die eerste maal intree. Ook die trompette verdeel hier in vier stemme, nadat dit vir die eerste sestien mate tweestemmig was. Die *senza sordino*-aanwysing is opvallend in

die strykerspartye. Hierdie timbre-verandering duur slegs twee mate. In maat 19 is die tekstuur skielik weer dunner en die marimba tree vir die eerste keer in (ook in voorbeeld 3.71 aangedui). Omdat die instrumentasie tydens die marimba se intrede heelwat yler is, is die marimba-intrede opvallend en die byvoeging van hierdie instrument dra dus ook tot die Afrika-etniese gevoel in Seksie 1 by.

Voorbeeld 3.71: Timbre-verandering en marimba-intrede, maat 17-20



The image shows a handwritten musical score for measures 17-20. The score is written in 4/4 time and includes the following parts and markings:

- Cor. (Cornets):** Two staves with dynamics *p*, *f*, *pp*, *f*, *pp*, *f*, *pp*, *mf*, *p*. Includes the instruction "sard." (sordano).
- Trb. (Trumpets):** Two staves with dynamics *p*, *f*, *pp*, *f*, *pp*, *f*, *pp*, *mf*, *p*. Includes the instruction "straight mute".
- Arpa (Harp):** One staff with dynamics *f*, *f*. Includes the chord notation $D^{\#} E^{\flat} F^{\flat}$.
- Marimba:** One staff with dynamics *mp*. A box highlights the first two measures with the annotation "marimba: eerste intrede".
- Bong.** One staff with dynamics *mp*.
- Gong Gran. Cassa:** One staff with dynamics *p*, *f*.
- Tempo markings:** "Meno mosso" and "Tempo 1^o" are written twice, once at the beginning of the section and once at the end.
- String section:** Labeled "strykers: sander dempers" (strings: without dampers). Includes parts for VI. I, VI. II, Va., V.c., and C.b. with dynamics *p*, *f*, *pp*, *f*, *pp*, *f*, *pp*. The instruction "senza sord." is written above the strings.

A box containing the number "17" is located at the bottom left of the score.

Ná die marimba-intrede in maat 19-20 wat in die vorige voorbeeld (3.71) aangedui word, tree 'n voller tekstuur weer in maat 21-22 in (vierstemmige Franse horings, driestemmige trompette en driestemmige skuiftrompette). Daarna, in maat 23-24, volg 'n dunner tekstuur waartydens nog 'n marimba-intrede plaasvind (soortgelyk aan die vorige voorbeeld). Daar kan dus afgelei word dat die uitgebreide instrumentasie wat elke keer twee mate duur en daarna skielik deur 'n marimba-intrede in 'n yler timbre gevolg word, die intrede van dié Afrika-etniese element meer opvallend maak.

Seksie 2: *Vivace* (maat 29-166)

Instrumente wat Afrika-etnisiteit weerspieël, soos die bongo-tromme en marimba, is weer aanwesig. Dit is egter duidelik waarneembaar dat die blaasinstrumente 'n belangrike rol speel ten opsigte van die melodiese en ritmiese inhoud in Seksie 2.

Motief 3 se eerste intrede in die koperblaasafdeling (tweede trompet) vind in maat 33 plaas, soos wat in voorbeeld 3.72 waargeneem kan word.

Voorbeeld 3.72: Motief 3 tree in tweede trompet in, maat 31-33



Motief 3 se eerste intrede in die houtblaasafdeling (fluit, hobo en klarinet) volg in maat 35 en in maat 38 verskyn 'n gewysigde motief 3 weereens in die koperblaasafdeling (tweede trompet) – sien voorbeeld 3.73.

Voorbeeld 3.73: Oorspronklike en gewysigde motief 3, maat 35-38

motief 3

Fl.
Ob.
Cl.
Cl.b
Fag
Cor.
Trbe


35

Fl.
Ob.
Cl.
Cl.b
Fag
Cor.
Trbe

37

Die volgende intrede van motief 3 vind in maat 51-52 plaas (die motief is gewysig – die tweede noot word met 'n agstenoot-rusteken uitgestel). Soos met die vorige intredes verskyn dit in die trompetparty (sien voorbeeld 3.74):

Voorbeeld 3.74: Gewysigde motief 3, maat 51-52



The image shows two measures of a handwritten musical score. Measure 51 (left) features three staves: Cor. (Corns), Trbe (Trumpets), and Trbn. (Trumpet B3). The Cor. part has a melodic line with a sharp sign and a fermata. The Trbe part has a similar line with a circled '2' and a fermata. The Trbn. part has a single note with a dynamic marking of *f*. Measure 52 (right) continues the parts. The Cor. and Trbe parts have more complex rhythmic patterns with slurs and accents. The Trbn. part has a sequence of notes with dynamic markings of *f* and *f* with an accent.

Wat die intredes van motief 3 betref, verteenwoordig maat 55-56 'n hoogtepunt: houtblaasinstrumente soos die fluit, hobo en fagot word vir die eerste keer met 'n koperblaasparty (die trompet) gekombineer om motief 3 in sy oorspronklike vorm aan te kondig, soos in voorbeeld 3.75 waargeneem kan word:

Voorbeeld 3.75: Motief 3 in houtblaasparty en trompetparty, maat 55-56



The image shows a handwritten musical score for measures 55 and 56. The parts are arranged vertically from top to bottom: Picc., Fl., Ob., Cl., Cl.b, Fag., Cor., and Trbu. Motif 3 is indicated by a box in the Flute, Oboe, Bassoon, and Trumpet parts. A box with the number '4' is present in the Bassoon part. The measure number '55' is boxed at the bottom left.

In maat 71 word die strykers vir die eerste maal by motief 3 se intredes betrek. Strykers word by die eerste trompet en houtblasers (fluit, hobo en klarinet) gevoeg om 'n gewysigde motief 3 te speel. Die oorspronklike motief 3 word weer in maat 73 deur die basklarinet, fagot, kontrafagot en kontrabas gestel (sien voorbeeld 3.76). Daar kan dus gesien word dat, alhoewel die strykers ook by motief 3 se intredes betrokke is in voorbeeld 3.76, blaasinstrumente steeds motief 3 se intredes oorheers.



Voorbeeld 3.76: Strykers word bygevoeg, maat 71-73

The image shows a handwritten musical score for measures 71-73. The score is arranged in a standard orchestral layout with parts for woodwinds, strings, and percussion. Key features include:

- Woodwinds:** Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), Bass Clarinet (Cl.b.), Bassoon (Fag.), Contrabassoon (Cont. fag.), and Cor Anglais (Cor).
- Brass:** Trumpet (Trbn.) and Trombone (Trbn.).
- Strings:** Violin I (VI.I), Violin II (VI.II), Viola (Va.), Violoncello (Vc.), and Contrabass (Cb.).
- Percussion:** Gong.

Annotations and markings in the score include:

- Measure 71:** A box highlights a melodic line in the Flute part, labeled "gewysigde motief 3".
- Measure 72:** A box highlights a melodic line in the Bassoon part, labeled "oorspronlike motief 3".
- Measure 73:** A box highlights a melodic line in the Contrabass part, labeled "motief 3".
- Dynamic markings:** "5 p." and "4 p." are written below the Flute and Bassoon parts respectively, indicating a change in dynamics.
- Other markings:** "ff", "dir", "unis", and "motief 3" are scattered throughout the score.

The page number "71" is written in a box at the bottom left of the score.

Dit is interessant dat Grové die trompet weglaat vir die volgende intrede van motief 3 in maat 76, nadat dit by al die motief se vorige intredes gebruik is. Motief 3 is egter in elke houtblaasinstrument se party aanwesig en daarom kan dus steeds gesê word dat die blaasinstrumente 'n prominente rol ten opsigte van die ritmiese inhoud speel (sien voorbeeld 3.77). Die motief kom ook in die strykers voor.

Voorbeeld 3.77: Motief 3 in houtblaas- en strykersparty, maat 76



musical score for woodwinds, brass, and strings. The score is divided into two systems. The first system includes Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Oboe (Ob.), Clarinet (Cl.), Clarinet in Bass (Cl. b.), Bassoon (Fag.), and Contrabassoon (Cont. Fag.). The second system includes Cor Anglais (Cor.), Trumpet (Tbn), Trombone (Trbn), Horn (C.r.), Gong, and Grand Cymbal (Gr.c.). The third system includes Violin I (VI. I), Violin II (VI. II), Viola (Va.), Violoncello (Vc.), and Double Bass (Cb.).

The score is marked with "motief 3" at the beginning of the Piccolo, Flute, Clarinet, and Violin I parts. Dynamics include *sf* (sforzando) and *p* (piano). A large "5" is written below the Trombone part. A box containing the number "76" is located at the bottom left of the page.

Soos die skrywer reeds in afdeling 3.4 Ritme bespreek het, word motiewe 4, 5 en 6 in maat 77-163 as samebindende faktor gebruik. Blaasinstrumente speel in al drie hierdie motiewe se intredes 'n belangrike rol. Ter illustrasie sluit die skrywer musiekvoorbeelde van motiewe 4, 5 en 6 se eerste intredes in en onder elke musiekvoorbeeld sal die blaasinstrumente van die betrokke motief se daaropvolgende intredes gelys word.

Die skrywer het ook in die vorige afdeling genoem dat elke intrede van motiewe 4, 5 en 6 nie met 'n musiekvoorbeeld toegelig sal word nie, want, anders as in die geval van motief 3, word motief 4, motief 5 en motief 6 nie gewysig, nie. Dieselfde perspektief word in hierdie afdeling (3.5 Instrumentasie) toegepas. In die volgende voorbeeld (3.78) kan motief 4 se eerste intrede in die eerste en tweede fluit, eerste en tweede trompet, harp en tjello waargeneem word, sowel as motief 3 se laaste intrede in die fagot en eerste trompet. (Motief 3 kom in retrograad in die eerste trompet voor.)



Voorbeeld 3.78: Motief 4 se eerste intrede en motief 3 se laaste intrede, maat 77-79

The image shows a handwritten musical score for measures 77-79. The score is written for a large ensemble, including Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), Clarinet (Cl.), Bassoon (Fag.), Cor, Trumpet (Trbe), Trombone (Trbn), Arpa (Harp), Violin (Va.), Viola (Vc.), and Cello (Cb.).

Key features of the score include:

- Motief 4:** A melodic motif is introduced in measures 77-78, primarily in the Flute and Clarinet parts. It is also played by the Trumpet and Trombone. The harp part features chords in B^b and D^b in measure 77, and E^b in measure 79.
- Motief 3:** A melodic motif is introduced in measure 79, primarily in the Bassoon part.
- Tempo and Dynamics:** The tempo is marked with 4, 6, and 5, likely indicating a 4/4, 6/8, and 5/4 time signature sequence. Dynamics include *f* (forte), *p* (piano), *mp* (mezzo-piano), and *mf* (mezzo-forte).
- Handwritten Annotations:** The score includes several handwritten notes and markings, such as "motief 4", "motief 3", "motief 4 (onderverdeel)", "sord.", and "pizz".
- Measure Numbers:** The measures are numbered 77, 78, and 79 at the bottom of the page.

Vervolgens word al die intredes van motief 4 wat ná die vorige musiekvoorbeeld (3.78) plaasvind, in tabel 3.7 gelys. Slegs blaasinstrumente word gebruik om motief 4 te speel en hierdie instrumente word ook in tabel 3.7 genoem. Daar kan ook waargeneem word dat die skuifrompet vanaf maat 80 vir alle intredes van motief 4 gebruik word, behalwe vir die laaste twee intredes. Die laaste twee intredes is moontlik uitsonderings, want dit is redelik ver van die ander intredes verwyderd.

Maat	Blaasinstrumente
77-78	Eerste fluit, tweede fluit (vanaf maat 78, tweestemmig met eerste fluit), trompette tweestemmig
80	Eerste fluit, klarinet, fagot, trompette tweestemmig, eerste skuifrompet
82	Eerste fluit, eerste en tweede klarinet tweestemmig, basklarinet, eerste en tweede Franse horing tweestemmig, trompette tweestemmig, eerste skuifrompet
85	Basklarinet, eerste en tweede skuifrompet tweestemmig
90	Fluit, basklarinet, eerste en tweede skuifrompet tweestemmig
98	Eerste fluit, eerste en tweede skuifrompet tweestemmig
105	Basklarinet, eerste en tweede skuifrompet tweestemmig
117	Klarinet, basklarinet, eerste en tweede fagot tweestemmig, eerste, tweede en derde skuifrompet driestemmig
120	Klarinet, basklarinet, eerste en tweede fagot tweestemmig, eerste, tweede en derde skuifrompet driestemmig
158-159	Basklarinet, eerste en derde Franse horing in unisoon
162-163	Basklarinet, eerste en tweede Franse horing tweestemmig, derde Franse horing in unisoon met eerste Franse horing

Tabel 3.7: Motief 4 se intredes

Die volgende musiekvoorbeeld (3.79) illustreer motief 5 se eerste intrede in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*.

Voorbeeld 3.79: Motief 5 se eerste intrede, maat 81-83



In tabel 3.8 word die res van motief 5 se intredes gelys, asook die blaasinstrumente wat Grové vir motief 5 se intredes aanwend. Dit is opvallend dat die klarinet vir elke intrede van motief 5 gebruik word.

Maat	Blaasinstrumente
83	Piccolo, klarinet
106	Fluit, klarinet
115-116	Fluit, hobo, klarinet
126	Piccolo, klarinet, fagot

Tabel 3.8: Motief 5 se intredes

Motief 6 tree in maat 84 vir die eerste maal in en hierdie intrede kan in voorbeeld 3.80 waargeneem word.

Voorbeeld 3.80: Motief 6 se eerste intrede, maat 83-84



The image shows a handwritten musical score for three instruments: Piccolo (Picc.), Flute (Fl.), and Clarinet (Cl.). The Flute part is highlighted with a box and labeled 'motief 6'. The Clarinet part has a box around the first measure labeled '83'. The score includes various musical notations such as notes, rests, and dynamic markings like 'f' and 'mf'.

Motief 6 se verdere intredes, wat ná maat 84 in die vorige voorbeeld (3.80) voorkom, word in tabel 3.9 genoem. Die skrywer lys ook weereens die blaasinstrumente wat vir die betrokke motief se intredes gebruik word. Let op dat óf die fluit óf die trompet altyd tydens motief 6 se verskynings teenwoordig is.

Maat	Blaasinstrumente
84	Fluit
86	Fluit, eerste trompet
88	Cor anglais, tweede trompet
91	Cor anglais, eerste trompet
94-95	Piccolo, eerste en tweede fluit tweestemmig, eerste hobo, klarinet
99	Cor anglais, eerste fagot, tweede trompet
102	Cor anglais, eerste fagot, tweede trompet
118-119	Eerste trompet
122-123	Eerste trompet

Tabel 3.9: Motief 6 se intredes

Uit die voorafgaande bespreking kan dus afgelei word dat Grové die blaasinstrumente aanwend om 'n oorheersende rol ten opsigte van die motiwiese inhoud in Seksie 2 te speel. Motiewe 3-6 het elk 'n blaasinstrument wat met daardie motief geassosieer word (sien tabel 3.10).

Motief 3	Trompet
Motief 4	Skuiftrompet
Motief 5	Klarinet
Motief 6	Fluit of trompet

Tabel 3.10: Instrumente wat met die onderskeie motiewe geassosieer word

In die afdelings 3.3 Melodie en 3.4 Ritme is melding gemaak van die heksatoniese Afrika-melodie wat in maat 129 in die piccolo en fagot begin. Ook hierdie melodie se intredes word uitsluitlik deur blaasinstrumente gespeel, al hou die melodie geen verband met die ritmiese motiewe 3-6 nie. Die eerste intrede word in voorbeeld 3.81 aangedui:

Voorbeeld 3.81: Heksatoniese melodie – eerste intrede, maat 126-133




Die melodie in die vorige musiekvoorbeeld (3.81) se daaropvolgende intredes en die blaasinstrumente wat gebruik word, word in die volgende tabel (3.11) aangedui.

Maat	Blaasinstrumente
129-133	Piccolo, fagot
135-139	Piccolo, fluit, klarinet, fagot
146-150	Piccolo, fagot
160-161	Piccolo, fluit, hobo, klarinet

Tabel 3.11: Blaasinstrumente wat vir heksatoniese melodie gebruik word

Daar kan gesien word dat die piccolo in elke verskyning van die Afrika-melodie gebruik word. Die skrywer is van mening dat dit spesifiek hierdie instrument is wat aan die melodie sy Afrika-etniese klankkleur verleen, want volgens Nettl (1999:22) is fluite instrumente wat gereeld in Afrika-etniese musiek gebruik word.

Seksie 3: *Molto energico* (maat 167-186)

Die strykers is baie prominent in hierdie seksie. Daar is reeds in afdeling 3.3 Melodie van die Afrika-motief melding gemaak (mineur tert, majeur sekunde, mineur sekunde) en in die eerste agt mate van hierdie seksie is die melodiese inhoud van die eerste viool, tweede viool en altviool hoofsaaklik op die oorspronklike intervale van die Afrika-motief gebou (sien voorbeeld 3.82 ter illustrasie). Wat egter van groter belang is, is die wyse waarop Grové die roep-en-antwoord-idee tussen die blaasinstrumente en strykers verdeel. In maat 167-169 (sien voorbeeld 3.82) word die “roep”-gedeelte uitsluitlik aan die strykers toegeken, terwyl die fluit en hobo daarop “antwoord”.

Voorbeeld 3.82: Roep-en-antwoord tussen strykers en blaasinstrumente, maat 167-169

Molto energico $\text{♩} = 116$

"antwoord"



"roep"

167

'n Soortgelyke verdeling tussen strykers en blasers kom in maat 179-181 voor. Hierdie keer word die rolle omgeruil: die blaasinstrumente "roep" en die strykers "antwoord" daarop (soos in voorbeeld 3.83 aangedui).

Voorbeeld 3.83: Roep-en-antwoord tussen strykers en blaasinstrumente, maat 179-181

The image shows a handwritten musical score for measures 179-181. The score is organized into two systems. The first system includes the following parts: Fag. (Flute), Cont. fag. (Clarinet), Cor. (Cor Anglais), Trbn 1 (Trumpet 1), Trbn 2 (Trumpet 2), and Timp. (Timpani). The second system includes: VI. I (Violin I), VI. II (Violin II), Va. (Viola), Vc. (Violoncello), and Cb. (Contrabasso). The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 5/4. The first two measures of the first system are marked with brackets and the word "roep" (call). The last two measures of the second system are marked with brackets and the word "antwoord" (answer). Dynamics include *f* (forte) and *ff* (fortissimo). The Viola part has a *div* (divisi) marking. The Contrabasso part has an *arco* (arco) marking. A boxed number "179" is written at the bottom left of the page.

Dit is egter opvallend dat Grové weereens die blaasinstrumente gebruik vir melodielyne wat Afrika-etniese elemente bevat. Daar is drie melodielyne met Afrika-etniese elemente in hierdie seksie (sien tabel 3.12):

Maat	Instrumente	Afrika-etniese elemente
171-174	Hobo en eerste trompet	Dubbelsinnige tonaliteit, dalende kontoer in die melodielyn en die gebruik van die dalende rein kwart
175-178	Piccolo, eerste en tweede fluit, klarinet en tweede trompet	Dubbelsinnige tonaliteit, dalende kontoer in die melodielyn en die gebruik van die dalende rein kwart
183-186	Piccolo, fluit, hobo, eerste en tweede klarinet en eerste trompet	Dubbelsinnige tonaliteit, dalende kontoer in die melodielyn en die gebruik van die dalende rein kwart

Tabel 3.12: Melodielyne in Seksie 3 wat Afrika-etniese elemente bevat

Die skrywer sluit 'n musiekvoorbeeld in van die melodielyn wat in maat 183-186 voorkom (sien voorbeeld 3.84). Die twee voorafgaande melodielyne wat in maat 171-174 en maat 175-178 verskyn, stem met hierdie voorbeeld s'n ooreen. In die vorige tabel (3.12) word dalende rein kwarte onder Afrika-etniese elemente genoem; dié word in die tweede klarinet se party aangedui:

Voorbeeld 3.84: Melodielyn in blaasinstrumente, maat 183-186



Handwritten annotations in the score:

- dubbelsinnige tonaliteit* (ambiguous tonality) with arrows pointing to $G_b \rightarrow G^4$ and $E_b \rightarrow E^4$.
- dalende rein kwart* (descending pure quart) and *dalende rein kwint* (descending pure quint) for the Bassoon part.
- Dynamic markings: *mp*, *mf*, *f*, *p*.
- Tempo marking: *Con moto*.
- Measure numbers: 183, 184, 185, 186.

Grové wend instrumentasie in Seksie 3 dus as volg aan:

Eerstens word die roep-en-antwoord-konsep duidelik tussen strykers en blasers verdeel. Wanneer die strykers “roep”, “antwoord” die blasers daarop en wanneer die blasers “roep”, “antwoord” die strykers daarop. Verder toon Grové weereens ’n voorkeur vir blaasinstrumente in die geval van melodielyne waarin Afrika-etniese elemente voorkom.

Seksie 4: *Con moto* (maat 187-197)

Die strykers is steeds baie prominent in die vierde seksie van die werk. Wolff en Stewart (1988:40) beweer dat hierdie ’n dans-agtige seksie is. Die skrywer is van mening dat die afwesigheid van die koperblaasinstrumente daartoe bydra – dit is

moontlik dat Grové as sensitiewe orkestreerder aan die koperblasers 'n ruskans gee nadat hulle in die vorige drie seksies redelik aktief was.

Hierdie seksie is in sy geheel op die roep-en-antwoord-beginsel gebaseer. Die strykers stel elke keer die roep-gedeelte, terwyl die blasers die antwoord-gedeelte speel. Voorbeeld 3.85 illustreer die eerste drie mate van Seksie 4; die oorblywende mate van die seksie is soortgelyk hieraan.

Voorbeeld 3.85: Roep-en-antwoord tussen strykers en blaasinstrumente, maat 187-189



The musical score illustrates a call-and-response pattern between strings and woodwinds. The woodwind section (Piccolo, Flutes 1 & 2, Bassoon, and Contrabassoon) plays the "antwoord" (response) in measures 187, 188, and 189, marked *Con moto* with a tempo of $\text{♩} = 126$ and *mf*. The string section (Violins I & II, Viola, Violoncello, and Contrabasso) plays the "roep" (call) in the same measures, marked *mp*. The string parts are divided into three measures with time signatures of 4/4, 3/4, and 5/4. The woodwind parts also correspond to these measures. The score includes dynamic markings such as *mf*, *mp*, and *f*, and performance instructions like *arco* for the double bass.



Seksie 5: *Tempo 1* (maat 198-205)

In maat 198 word daar na die eerste seksie se tempo teruggekeer. Soos in Seksie 1, is dit die bongo-tromme wat die Afrika-etniese kleur van hierdie seksie bewerkstellig. Dit is tot in die derde laaste maat (maat 203) van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* teenwoordig, soos wat voorbeeld 3.86 illustreer.

Voorbeeld 3.86: Aanwesigheid van bongo-tromme, maat 202-205



The musical score for measures 202-205 includes the following parts and markings:

- Fl.:** Flute part with dynamics *f*, *p*, and *pp*.
- Cl.:** Clarinet part with dynamics *p* and *pp*.
- Cl. b.:** Bass Clarinet part with dynamics *mf* and *p*.
- Trbe:** Trumpet and Trombone parts with dynamics *p* and *pp*. Includes the instruction "niente" at the end of the section.
- Arpa:** Arpa part.
- Timp:** Timpani part with dynamics *p* and *pp*.
- Vibr.:** Vibraphone part with dynamics *p* and *pp*.
- Tamb.:** Tambourine part with dynamics *pp*.
- Bongos:** Bongos part with the instruction "motief 2" and a boxed rhythmic pattern. Includes the tempo marking "rall" and a handwritten "5/4" time signature.
- VI. I & II:** Violin parts with dynamics *p*, *pp*, and *mf*.
- Va.:** Viola part with dynamics *p* and *pp*.
- Vc.:** Violoncello part with dynamics *p* and *mf*.
- Cb.:** Contrabass part with dynamics *p* and *mf*, and the instruction "arco".

Measure 202 is highlighted with a box at the bottom left of the score.

Samevatting

Die volgende gevolgtrekkings kan oor die instrumentasie van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* gemaak word:

In Seksie 1 gebruik Grové instrumente met 'n Afrika-oorsprong, naamlik die bongo-tromme en marimba, om 'n Afrika-etniese kleur te bewerkstellig. Die orkestrasie in hierdie seksie is oor die algemeen redelik yl en sodoende is die bongo-tromme en marimba se intredes opvallend.

Die belangrikste ritmiese motiewe in Seksie 2 word deur die blaasinstrumente gespeel. Grové ken aan elke ritmiese motief wat in Seksie 2 voorkom 'n blaasinstrument toe wat met daardie motief geassosieer word. Motief 3 word met die trompet geassosieer, die skuiftrompet kenmerk motief 4 se intredes, die klarinet word tydens elke intrede van motief 5 gebruik en wanneer motief 6 intree, is óf die fluit óf die trompet teenwoordig.

In die herhalende heksatoniese melodie (steeds in Seksie 2) word hoofsaaklik blaasinstrumente gebruik, maar dit is spesifiek die piccolo wat in elke intrede aangewend word om 'n Afrika-etniese klankkleur daar te stel.

In Seksie 3 verdeel Grové die roep-en-antwoord-idee duidelik tussen strykers en blasers. Verder word melodielyne wat Afrika-etniese elemente bevat deur verskillende kombinasies blaasinstrumente gespeel. Dit is dus duidelik dat Grové verkies om belangrike motiwiese inhoud aan die blasers toe te ken.

Seksie 4 is op die Afrika-etniese roep-en-antwoord-beginsel gebaseer en die instrumentasie word weereens daarvolgens aangewend: die strykers stel die roep-gedeelte, terwyl die blasers daarop "antwoord".

Die bongo-tromme keer in Seksie 5 terug en is tot in die laaste maat van die werk aanwesig om te verseker dat *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* in 'n Afrika-etniese atmosfeer eindig.